Kompas

Rigtingwyser vir die Gereformeerde Lewe

Jaargang 11 / no. 7
Julie 2002

GELOOFSGROEI

Hoe ervaar ons die geloof van onsself en van ander? Sien ons die geloof nog wel as 'n wonder van God? Om te kan glo moet God in ons lewe ingryp. Ons is mos van nature dood deur die misdade en sondes. God het my en ander egter lewend gemaak saam met Christus. 'n Geweldige werklikheid. Iets waarvoor ons God moet dank en prys. In verwondering en aanbidding!

Is dit hoe ons dit ervaar? Wat van die sondes en gebreke wat nog in ons hart en lewe is? Ons het nie 'n volmaakte geloof nie. Ons dien God nie met so 'n ywer as wat ons verskuldig is nie. Ons moet daagliks stry teen die swakheid van ons geloof en die sondige begeertes van ons vlees. Het ons dan nog wel 'n ware geloof?

In die Heidelbergse Kategismus word die ware geloof omskryf as "'n vasstaande kennis waardeur ek alles wat God in sy Woord geopenbaar het vir waar aanvaar en 'n vaste vertroue dat God ook aan my, vergewing van sondes, ewige geregtigheid en saligheid geskenk het". "Alles wat God in sy Woord geopenbaar het" is nogal breed en verstrekkend. Hoe groot is my kennis daarvan? En hoe vasstaande is die kennis? Is dit nie so dat ek daagliks worstel om "alles" te aanvaar nie en dat ek nog daagliks in die kennis moet groei nie? Bowendien hoe vas is my vertroue? Hoe dikwels is daar nie die twyfelvrae nie? Is ek dan nog wel 'n ware gelowige?

Dis belangrik om te onderskei tussen die ware geloof en die ware gelowige. Die ware geloof gee die norm aan. Die ware gelowige leef egter nie altyd volgens die norm nie. Die gelowige word daagliks versoek. Hy stry voortdurend teen vertwyfeling. Bowendien moet jy as gelowige nog steeds groei. 'n Mens moet oppas dat jy die ware geloof nie as 'n rekenkundige som of as 'n massiewe geheel hanteer nie. Dan is daar nie meer ruimte vir groei nie. Dan het jy die ander, die ampsdraers en medegelowiges, nie meer nodig nie. Dan oordeel jy ander na die maat van jou eie kennis en geloof. Dit is volmaaktheids-idealisme.

Dis egter nie hoe die Skrif daaroor praat nie. Die Skrif leer dat elke ware gelowige nog na die volmaaktheid toe moet groei... Elke gelowige moet nog groei in vertroue en in die kennis van die Seun van God (Ef. 4:13). Dit mag ons nie daartoe bring om ons huidige geloof en kennis te minag nie. Dit bly 'n wonderlike werklikheid. Die vertrekpunt vir verdere groei van Christus na Christus toe. Eers wanneer Christus terugkom sal God alles in almal wees.

CK

In Hierdie Uitgawe

Tema: Geloofsgroei

- **Ek wil graag verbeter ... 2**
- **Ek sukkel om te bid 4**
- **Praktyk van Bybelstudie 5**
- Verhouding met GKSA ... 8
- 'n Jaar in die vreemde 11
- Studente in Belhar 13
- Vrouesaamtrekdag 15
- Depressie by kinders 16
- Een is ons Meester 17
- Persskou 19

“EK WIL GRAAG VERBETER…”

Ds. C Kleijn

TEMA: GELOOFSGROEI

Sekere gelowiges kan baie indruk op ons maak. Ons wens soms dat ons soos hulle is. Kon ek maar so ’n geloof soos Abraham gehad het. Of so ’n ywer soos Paulus. Kyk maar na die geloofsblydskap wat sommige Christene wys. Hoor hoe mooi sommiges oor hul geloof kan praat. In vergelyking daarmee voel ek myself so gewoon, so gebrekkig. Is my geloof goed genoeg? Het ek genoeg vertroue? Wys ek voldoende blydskap? Ek wil graag my lewe verbeter. ’n Beter Christen wees. ’n Beter eggenoot, ’n beter pa of ma, ’n beter kollega, ’n beter student, ’n beter broer en suster. Maar hoe? Hoe meer ek dit probeer, des te meer ontdek ek my tekorte.

Wanneer ’n mens die Bybel eerlik lees, sien jy dat daar geen geloofshelde in voorkom nie. In Egipte en later in Gerar blyk dit dat Abraham, die vader van alle gelowiges, allermins ’n held is. Uit vrees vir sy lewe laat hy Sarai vir Farao en Abimeleg sê dat sy sy suster is. Dawid, die man na God se hart, maak hom skuldig aan egbreuk en moord. Petrus die rotsman verloën sy meester. So kan ’n mens allerlei sondes en gebreke van die gelowiges wat in die Skrif genoem word, noem. Hulle was geen geloofshelde nie, maar wel geloofsgetuies. En geloofsgetuies is gewone mense wat deur God ingeskakel word om - ondanks hul eie sondes - tog getuie van God se krag en genade te wees. Dit blyk dat hulle gewone mense was, net so gewoon soos u, jy en ek. Dis geen teëvaller nie, maar wel ’n gerusstelling. Immers, as God destyds sulke mense wou gebruik, dan wil Hy vandag my ook gebruik.

God kan gebrekkige mense goed gebruik. Dit dien nie as ’n verskoning om die gebrekkigheid in stand te hou en moontlik te vergroot nie. Maar dit maak duidelik dat God nie die beste van die beste uitsoek nie. Ek hoef nie eers wys, invloedryk of aansienlik te wees nie (vgl. 1 Kor. 1:26). Ek hoef nie eers ’n superchristen te word voordat God my kan gebruik nie. God het gewone, gebrekkige Christene nodig, want dan skitter juis sy glorie en genade.

PAULUS

Paulus het buitengewone geloofservarings gehad, maar hy wil nie daaroor praat nie. Hy skryf eerder: “As daar geroem moet word, sal ek in my swakhede roem.” Hy ken homself as ’n swak mensekind wat God tog wil gebruik. Blykbaar was hy geen indrukwekkende verskyning nie. Geen sterk of boeiende spreker nie. Hy was ’n gewone mens, met swakhede. Hy het verskeie kere in die tronk gesit, hy het skipbreuk gely, hy is meermale met swepe en stokke amper dood geslaan (2 Kor. 11:23-29). Hy het baie angste deurstaan. Slapelose nagte gehad. Hy was ’n mens wat ook goed van sy sondes bewus was (Rom. 7). Swak, sowel liggaamlik



as gees-telik. Daarom is daar ook die ver-wondering: hoe is dit moontlik dat God my wil gebruik! Daaroor wil Paulus roem. Dis nie baie sinvol om oor ’n insidentele geestelike hoogtepunt te praat nie. Daarby vind God, die naaste en hyself nie veel baat nie. In die lewe van elke dag is hy ’n gewone Christen. Ten minste dit probeer hy wees. En dan verbaas hy hom daaroor dat God hom wil inskakel by die opbou van sy koninkryk.

Miskien kan jy nie veel oor jou geloof vertel nie. Jy beleef min besondere dinge. Jy glo in die Here Jesus. Soms het jy ’n groot vertroue, ander kere maar min vertroue. Deurgaans het jy ’n gewone geloof. Kyk, sê Paulus, dit is mooi so, want juis so word God se genade so duidelik sigbaar. Anders sou jy amper dink dat God jou wil hê vanweë jou geestelike vlak, vanweë jou indrukwekkende getuienis of werke.

Miskien is daar ook ’n sekere angs vir die toekoms. Wanneer Christus terugkom, sal ek daarby behoort? Hoe sal Hy my dan aantref? Sal my lewe in orde wees? Het ek voldoende met die sonde gebreek? Is ek gereed? Hierdie vrae word versterk deurdat die Bybel praat van onberispelik wees by sy koms. “En mag Hy, die God van alle vrede, julle volkome heilig maak, en mag julle gees en siel en liggaam geheel en al onberispelik bewaar word by die wederkoms van onse Here Jesus Christus!” (1 Thess. 5:23). So ’n

Eienaar en uitgewer:
Stigting Woord en Wandel

Drukker: Victoria Drukkery
Tel. (012) 331-3750

Kernredaksie: dr AJ de Visser
(eindredakteur)
ds C Kleijn
J Moes
Mev. M de Vries

Redaksie: Mev. M de Vries
Cunninghamlaan 1299
Waverley 0186
Tel. (012) 332-3168

E-pos adres: lentsu@global.co.za

Nederland: Mev. T Huisman
Wintersstraat 7
8331 DN Steenwijk
Tel. (0521) 517 771

Administrasie: Mev. H Groenwold
Posbus 23931
Gezina 0031
Tel. (012) 335-2761
E-pos: aag@mweb.co.za

Intekengelde:
E-pos: R40 per jaar
Suid-Afrika: R80 per jaar
Nederland: Seepos •20
Lugpos • 30

teks kan dit vir ons baie moeilik maak. Ek moet by sy koms dus onberispelik en heilig wees. Maar daar lê juis my probleem. Ek skiet daarin steeds weer tekort.

Gelukkig vra God dit nie van ons as 'n soort voorwaarde nie. Daar-die teks is 'n gebed en nie 'n on-moontlike opdrag nie. Daar staan nie: "maak jou lewe heilig en sorg dat jy op die dag van Christus se koms onberispelik is" nie. Daar staan: En mag die God van alle vrede julle heilig maak en mag julle onberispelik bewaar word." Dis 'n gebed. Ek moet daarvoor bid. God moet dit doen, omdat ek dit nie kan doen nie. Hy moet dit doen, omdat ek dikwels nog so baie van die sonde hou. Die Bose fluister vir my dat alles met almal sal reg kom en dat ek my oor 'n heilige lewenswandel geen sorge hoef te maak nie. Hy fluister vir my dat ek darem nog nie so sleg is nie of juis dat dit met my nooit reg sal kom nie omdat ek nie goed genoeg gelewe het nie. So kan ek gaan verslap in die heiligmaking of gaan wanhoop aan my behoud.

GEBED

Daarom is dit 'n saak van gebed. Here maak my heilig, maak my 'n mens wat leef tot U eer. Help my om die sonde, wat my van my doel weg trek, te bestry. Help my om uit te sien na die dag van Christus se wederkoms. Help my om 'n Christen te wees wat van U getuig.

Kyk, hier lê die geheim van 'n heilige en onberispelike lewe. Nie in 'n lys van dinge wat 'moet' en dinge wat "nie mag nie', want dan loop jy onherroeplik vas. Dan gaan jy meer van jouself vra as wat God van jou vra. Die geheim van 'n heilige en onberispelike lewe lê in die gebed. Dan stort ek my hart uit by Hom wat die onmoontlike moontlik maak. Dit wat werklik onmoontlik was, naamlik dat ek gered kan word, maak Hy moontlik.

Die vraag is dus nie of ek nou reeds sonder sonde is nie. Hier het ek slegs 'n begin van die nuwe gehoorsaamheid. Hier is dit nog 'n saak van hoe langer hoe meer die sonde haat en daarvan wegvlug. Die vraag is of daar by my die gebed is: Here, bewaar my tot op die dag van u koms. Here, ek wil u graag dien, maar ek sukkel so daarmee. Eendag sal die doel van my lewe bereik word. Na hierdie lewe. By Christus se wederkoms. Dan sal my heiligmaking kompleet wees, eenhonderd persent. Dan sal daar geen sonde of swakheid meer wees nie. Maar volmaakte heerlik-heid. In antwoord op die gebed.

Sondag 23 van die Heidelbergse Kategismus vra wat dit my baat om te glo. Sommiges sou miskien antwoord dat die geloof hulle krag gee, hulle bly maak. Maar wat gemaak met gelowiges wat nie bly is nie? Wat gemaak indien jy as gelowige in 'n fase verkeer waarin dit met jou sleg gaan en jy heelte-mal geen krag voel nie? Die antwoord van die Kategismus is so mooi: "Dat ek in Christus voor God gereg-verdig is en 'n erfgenaam van die ewige lewe." By geloof gaan dit nie daaroor hoe ek my voel nie, maar oor wat my posisie voor God is. Geloof is nie 'n kwessie van krag nie, maar van 'n regte verhouding met God. Geloof is die band wat my met Christus verbind. Wat beteken my geloof as ek effens - of vir 'n lang tyd - niks voel nie, as my krag weg is, as daar geen uitsig is nie? Dan mag ek nogtans weet dat dit goed is tussen God en my.

BEURSIE

Geloof is soos 'n beursie. Die doel van 'n beursie is om jou geld by mekaar te hou. Dan is dit nie so belangrik hoe jou beursie lyk nie, maar dis baie belangriker wat in jou beursie is. So is dit ook met die geloof. God het dit vir ons gegee as 'n middel om Christus te ont-vang en vas te hou. Dan gaan dit nie oor hoe my geloof lyk nie, maar oor Wie 'daarin sit'.

Die Kategismus is geskryf vir gewone gelowiges. Gelowiges wat ervaar dat hul geloof soms behoor-lik aangetas is, soos 'n verslete beursie. Daarom sê die Kategis-mus ook dat dit nie so is dat "ek op grond van die waarde van my geloof vir God aanneemlik is nie." Dis nie my geloof wat my red nie. Christus se geregtigheid red my en die geregtigheid ontvang ek in die geloof.

In die Bybel roep God ons op om ons blik op Christus te rig. Kyk nie na jouself nie, maar rig jou oog op Jesus. Soos die Israeliete in die woestyn. Wie in lewe wou bly, moes na die slang kyk (Num. 21:9). Jesus vergelyk sy kruisiging met die verhoging van die slang. Ons moenie na onsself kyk nie, maar ons blik op die gekruisigde Christus rig. By jouself vind jy die dood, buite jouself vind jy die lewe. So kom die gewone Christen by die kruis uit. Wanneer ek na myself kyk, kom ek nie verder nie as 'n wanhoopskreet: "wat het ek Jesus aangedoen, dat Hy vir my moes sterwe?" Wanneer ek na Hom kyk, kom ek tot die jubellied: "kyk hoe Hy alles vir my gedoen het, dat Hy vir my wou sterwe!" Wie na homself kyk, sê: "ek bereik dit nooit nie". Wie op Jesus let, sê: "ek is reeds daar".

Hierdie artikel is 'n verwerking van HJ Selderhuis, Morgen doe ik het beter, Gids voor gewone Christenen (Uitgeverij De Vuurbaak, Ndl), tweede druk, bls 9-29. ¤

Alles in Christus

As ek dit uit myself moes doen,
Sou ek nooit begin het nie.
As ek in eie kragte sou moes stry,
Sou ek nooit vorder nie.
As ek op my eie dit moes behaal,
Sou ek nooit klaarmaak nie.

Maar Hy het begin.
Hy sal voortsit.
En Hy sal voltooi.
Sy werk van verlossing.
Ook vir my.
Hy het dit belowe.

Van oorsprong 'n verloorder,
Is ek nou meer as oorwinnaar,
In Christus alleen.
Soli Deo Gloria.

“EK SUKKEL OM TE BID…”

Ds CF Nicholson

TEMA: GELOOFSGROEI



Daar is mense wat geen moeite ondervind om te bid nie. Gebed geskied maklik en dit kom heel spontaan. Die meeste van ons bewonder sulke mense wat so vlot kan bid. Dit mag selfs wees dat ons hulle beskou as ‘bobaas bidders’. Maar is daar werklik so iets soos bobaas bidders? Wat maak dat `n gebed as geslaagd beskou word of as ‘n goeie gebed beskryf kan word?

‘n Mens sou kon dink dat gebed vir gelowige kinders van God ‘n heel natuurlike saak is. Tog is gebed geen vanselfsprekendheid nie. Gebed kan vir baie mense ‘n moeilike aangeleentheid wees. Sommige mense weet nie mooi hoe om te bid nie of wat om te bid nie. Ander worstel weer met die probleem van gebedsverhoring of gebedsvolharding. Dit is dan ook nie vreemd as iemand erken dat hy of sy sukkel om te bid nie.

LEER OM TE BID

Vir diegene onder ons wat probleme ondervind met hulle gebedslewe, is die situasie nie uitsigloos nie. Daar is wonderlike nuus in die Bybel oor gebed. Die dissipels van Jesus het gemerk dat Jesus self gereeld bid. By ’n geleentheid waar Jesus gebid het, vra een van die dissipels: “Here, leer ons bid, soos Johannes ook sy dissipels geleer het” (Luk. 11:1). Jesus hou dan aan sy dissipels die Onse Vader-gebed voor. Gebed kan dus geleer word. Daarom is dit nie voor die hand liggend dat `n mens spontaan bid nie. Hierdie leerproses vind ook nie oornag plaas nie. Dit kom met gereelde inoefening en geduld.

Wat wel die geval kan wees is dat ons te gou moed opgee. Indien ons sukkel om te bid, hoef ons nie mismoedig te word nie. Wanneer ons gebede oënskynlik nie beantwoord word nie, dink ons dat dit is omdat ons verkeerd bid. Dikwels is dit nie die geval nie. In die gelykenis van die weduwee en haar behandeling deur die onregverdige regter in Lukas 18, merk ons op dat die weduwee nie die regter met goeie woorde of argumente oortuig nie. Jesus vertel die gelykenis, want Hy wil hê dat ‘n mens gedurig moet bid en nie moedeloos word nie.

Die weduwee volhard in haar versoek teenoor die onregverdige regter totdat hy gehoor gee. Dit moet ook ons benadering wees ten opsigte van gebed. Ons mag op grond van hierdie gelykenis bid met ‘n verwagting - dié verwagting dat ons regverdige en liefdevolle Hemelse Vader wel ons gebede verhoor. Hier gaan dit dus nie daaroor hoe goed of deeglik ons bid nie, maar wel oor die toewyding en voortdurende gemeenskap met die Vader deur gebed. Die voortdurende gebed word beklemtoon in 1 Tess. 5:17: “Bid sonder ophou” of nog ‘n mooier vertaling: nader voortdurend tot God.

WAT BEHOORT ONS TE BID?

‘n Verdere vertroosting vir ons gebedslewe vind ons in Romeine 8 vers 26. As ons sukkel met ons gebedslewe en “ons nie reg weet wat ons moet bid nie, dan tree die Gees vir ons in met onuitspreeklike sugtinge”. Die Gees staan ons by in die swakheid van ons gebedslewe. In die gebrokenheid en ontoereikendheid van ons gebede ondersteun die Gees ons deur vir ons te pleit met versugtinge wat nie met woorde gesê kan word nie. Die swakheid van gebede vind ons daarin dat ons nie altyd weet wat vir God reg is nie. Wat behoort ons te bid? Daar waar ons eie vermoë gebrekkig is, neem die Gees ons gebede en bring dit na die Vader. Die versugtinge van die Gees is waar die Gees ons gebede omvorm sodat dit aansluit by ons eie versugtinge. God ken die harte en gemoedslewe van sy kinders en daarom begryp Hy soveel te meer die bedoeling van die Heilige Gees.

DIE VADER WEET

Die gebed van die gelowige is ‘n gesprek van ‘n kind met sy Vader, wat weet wat hy nodig het, nog voordat hy dit van Hom vra. Baie woorde is nie nodig nie, maar die gereelde gebed wel, aangesien ons daarmee ons afhanklikheid teenoor God bely. In die gebed kan ons ‘n gesprek met God voer, al weet Hy alles. Tog is alle gebede nie noodwendig gesprekke nie, maar daar is verskillende uitdrukkingswyses. Daar is gebede waarin ons selfs lus voel om te skree. Dit is in gevalle van diepe emosionele pyn en lyding. Ons vind voorbeelde daarvan in die Psalms.

By ander geleenthede voel ‘n mens soms om heeltemal stil te bly. Jou gedagtes is intens besig met God, maar jy voel stomgeslaan. Kwellinge kan so groot en intens wees, dat jy nie ‘n woord kan uitkry nie. Jy voel dalk soos Elia in 1 Kon. 19. Jy voel eerder lus om te sterf. Jy voel depressief, terneergedruk en geheel en al mismoedig. Woorde ontbreek dan, maar jou hart roep uit! Hiervan weet God ook.

Dan is daar ook die skietgebed. Die gebed in nood. Die krisisgebed. Die “roep-om-hulp-gebed”. So skink Nehemía wyn aan koning Artesásta (Neh. 2:1), maar hy voel bedroef. “Waarom is jou aangesig so bedroef; jy is tog nie siek nie?” Nehemía verduidelik waarop die koning met `n teenvraag kom: “Wat is dan jou begeerte?” (vers 4). Hierop volg `n skietgebed van Nehemía: “En ek het tot die God van die hemel gebid…” Daar is geen tyd vir `n mooi formele

versoek tot God nie, geen deurdagte woordkeuses, maar wel dringend vanuit die hart - net soos dit in die gedagtes opkom. Hoekom dan nie? So behoort die kind van God altyd in totale afhanklikheid van God te leef.

GOD AS VRIEND

Die leef in noue afhanklikheid van God maak dat gebed eg persoonlik kan wees. So persoonlik dat ons in Eksodus 33:11 lees: "Dan spreek die HERE met Moses van aangesig tot aangesig soos `n man met sy vriend". Dit is die mooi van gebed. God luister graag. Hy wil van ons hoor. Ons verlange, begeertes, nood, drifte en drange; maar God wil ook hoor dat Hy en Hy alleen die enigste ware God is. Hy is die Skepper van hemel en aarde; van die mens, en ook die Vader van ons Here Jesus Christus wat ons so lief het dat Hy sy Seun vir ons gegee het. Daarom dank ons God, nie net as `n gewone vriend nie, maar as `n heel besonderse Vriend wat bo alles die almagtige en heilige God is.

EENTONIGE GEBEDE?

Verder mag ons na nog 'n rede soek waarom ons sukkel met ons gebede: Is ons gebede nie dalk te eentonig nie? Ons gebruik so dikwels herhaling van ou uitdrukkings, dieselfde versoeke en voorspelbare frases. Dit hoef egter nie 'n probleem te wees nie. So herhaal Jesus self in Getsémané sy versoek om verlos te wil word van die beker wat op Hom wag (Markus 14). Die dringendheid van die saak word hier belig. Dink ook veral aan Paulus se versoek oor die doring in die vlees (2 Kor. 12:7). Wat ons hier in gedagte moet hou is die opregte gesindheid waarmee ons tot God bid.

Daarby kan ons ook van ander mense leer deur na hulle gebede te luister; sonder om te dink dat hulle noodwendig "bobaas bidders" is. Luister aandagtig, vra jouself af of hulle gebede jou aanspreek en of jy ook `n behoefte het om wat jy gehoor het tot God te rig. Skryf die gedagtes neer, maak `n lysie van sake wat elemente van gebed bevat. Elemente van gebed is sake soos aanbidding, lofprysing, danksegging, voorbidding, smekinge, versoeke en verlossing van sondes en die bose. Kyk verder na sake soos die Christelike gebede in die liedereboeke, die leringe oor gebed in byvoorbeeld die kategismus (Sondae 45-52). So sal ons dan spoedig uitvind dat ons gebede nie meer so "eentonig" sal klink nie. Ons gebedslewe kan so verryk word en ons persoonlike verhouding met God sal uitgebou word.

DIE LEIDING VAN DIE GEES

Jesus sluit sy onderrig aan sy dissipels af met die wonderlike gedagte "dat ons wat sleg is weet om goeie gawes aan ons kinders te gee; hoeveel te meer sal die hemelse Vader die Heilige Gees gee aan die wat Hom bid" (Luk. 11:13)? Dit mag ons weet; die Heilige Gees is ons Trooster. Hy tree vir ons in. Ons mag onder sy leiding bid. ¤

DIE PRAKTYK VAN ONS PERSOONLIKE BYBELSTUDIE

Ds J van der Linden

TEMA: GELOOFSGROEI

"Wat het hierdie Skrifgedeelte nou eintlik gesê?" Hierdie vraag sal vir die meeste van ons nie onbekend wees nie. Of ons nou al jare Bybelstudie doen of nog maar kort daarmee besig is, of ons nou ampsdraer is of die Skrif al dikwels deurgelees het, hierdie gedagte is aan niemand vreemd nie. Meestal kom hierdie gedagte by ons op wanneer ons die Bybel toemaak en net voordat ons ons oë toemaak om tot die Here te bid.

Wanneer dit ons oorkom, is dit nodig dat ons erken dat ons Bybelstudie nie die doel bereik wat dit veronderstel is om te doen nie. Hierdie artikel hoop om 'n paar riglyne te gee sodat ons in ons persoonlike Bybelstudie weer die rykdom sal ervaar wat die Here daarmee beoog het. Ons hoop om dus veral by die praktyk van ons persoonlike Bybelstudie stil te staan. Voordat ons dit egter doen, moet ons eers stilstaan by die doel, die noodsaak en die plek van ons persoonlike Bybelstudie.

DOEL EN NOODSAAK VAN BYBELSTUDIE

"Wees stil en luister, o Israel! Vandag het jy die volk van die HERE



geword. Daarom moet jy na die stem van die HERE jou God luister en sy gebooie en sy insettinge volbring wat ek jou vandag beveel" (Deut 27:9b-10).

Dit is die woorde wat die volk Israel hoor by die vernuwing van die verbond net voordat hulle die land Kanaän binnetrek. In hierdie woorde hoor ons 'n paar belangrike beginsels vir ons persoonlike Bybelstudie.

Voorop staan dat ons God se Woord steeds sal sien as sy stem. God het sy lewende stem waarmee Hy met sy volk eeu na eeu praat, laat opskryf. Dit is Moses wat praat en dit opgeskryf het, en tog is dit die stem en die gebooie van die HERE. Wie dus Bybelstudie gaan doen, moet dit doen in die wete dat God daardeur direk tot jou wil spreek. Jy gaan doen dus nie allereers Bybelstudie om meer van die Bybel te weet of om kennis te verkry nie. Nee, by ons Bybelstudie staan ons

in die werklikheid dat onse God vanuit die hoë hemel ons aanspreek. Dit is 'n magtige en heerlike gebeurtenis wanneer die Woord van God oopgemaak word!

Dit is daarom ook nie gepas vir ons om eers te wil praat en ons eie mening oor elke faset van ons lewe te gee nie. Alles begin deur te luister. En dan begin ons te vra wat die HERE hier in sy Woord sê en vervolgens te oordink wat dit vir my eie lewe (in al sy fasette) beteken. So sê die HERE dan ook dat die Skrif vir ons gegee is sodat ons weer volledig "mens van God" kan wees, "vir elke goeie werk volkome toegerus" (2 Tim. 3:17).

Die HERE ken die werklikheid van jou unieke daaglikse lewe. Hy weet van jou persoonlike vrae, moeites en kleingeloof. Hy sien ook jou eiewilligheid, jou hoogmoed, jou sonde. En daarom gee Hy sy lewende stem waarmee Hy jou aanspreek, bemoedig, vermaan en vertroos op jou lewensweg. Hy is nie daar ver, los van jou daaglikse lewe nie. Nee, Hy is naby aan jou deur sy Woord. In 'n bose, harde en verwarrende wêreld wil Hy jou op sy goeie weg hou…met sy stem!

DIE PLEK VAN BYBELSTUDIE

God het sy Woord aan sy kerk gegee en daarmee saam die opdrag om dit te bewaar en te verkondig. Wanneer ons oor die praktyk van ons Bybelstudie wil gaan nadink, is dit goed om te sien in watter kader die HERE hierdie vorm van omgang met sy volk plaas.

Sentraal in die HERE se omgang met sy volk is die weeklikse prediking waarin die HERE deur sy dienskneg tot sy hele gemeente spreek. In die individualistiese tyd waarin ons lewe, moet ons oppas om God se weg van omgang met sy volk nie te verander nie. Ook in hierdie opsig kan ons nie net self kies hoe ons die HERE wil dien nie. My persoonlike Bybelstudie kan nooit 'n vervanging vir die erediens met sy prediking word nie. God self wys die erediens met sy prediking aan as die sentrale en belangrikste gebeurtenis in die lewe van elke gemeentelid.

Die feit dat die HERE sy Woord nie aan individue gegee het nie maar aan sy kerk, bring ook mee dat die ondersoek van die Skrif nie alleen gedoen mag word nie, maar saam met al die heiliges. God gee die volheid van sy wysheid nie aan een persoon nie, maar aan sy gemeente wat saam eerbiedig na sy wil soek. Ons Bybelstudieverenigings as kosbare skat het juis uit hierdie beginsel voortgekom.

Ons persoonlike Bybelstudie is dus deel van God se weg waarin Hy gemeenskap met sy volk beoefen en kan daarom ook nie los staan van die ander dele van hierdie weg nie. Is dit nie daarom ook belangrik dat ons die praktyk van ons persoonlike Bybelstudie hierby aanpas nie? Ons wil probeer om dit in die volgende afdeling meer konkreet te maak.

DIE PRAKTYK VAN ONS BYBELSTUDIE

Ons het begin deur te wys op 'n probleem wat ons dikwels ervaar, naamlik dat ons baie keer nie verstaan wat die Skrifgedeelte sê of dat ons nie weet wat God vir ons in 'n spesifieke Skrifgedeelte wil sê nie.

Voordat ons verder hierop ingaan, is dit belangrik om daarop te wys dat die praktyk van ons persoonlike Bybelstudie altyd van sekere kernaspekte moet getuig. Vir 'n vrugtevolle Bybelstudie is hierdie sake onmisbaar. Allereers moet die Bybelstudie begin word met gebed waarin opreg gevra moet word vir God se Gees om jou te lei by jou Bybelstudie. Dit is die HERE self wat ons harte moet open vir sy Woord.

Verder moet 'n spesifieke tydsduur afgestaan word wat volledig aan Bybelstudie gewy moet word. Dit voorkom dat ons te haastig alles afhandel in plaas daarvan dat ons 'n gedeelte rustig lees en oordink. Sonder rustigheid is 'n eerbiedige luister na God se Woord onmoontlik.

Omdat God deur ons Bybelstudie ons persoonlik wil aanspreek, is dit ook goed om 'n paar dinge op te skryf waaroor ons nog verder wil dink of waarop ons die HERE antwoord in ons gebed na die Bybelstudie.

DIE PREDIKING EN ONS BYBELSTUDIE

In die prediking spreek God sy gemeente as sy verbondsvolk. As sentrale spreke van God tot sy volk is dit belangrik dat daar intensief in die gemeente met die prediking gewerk word. Ons lees dat die gemeente van Berea die prediking met alle welwillendheid ontvang het en hulle het "elke dag die Skrifte ondersoek of hierdie dinge so was" (Hand. 17:11).

Ons persoonlike Bybelstudie kan byvoorbeeld aansluiting soek by die prediking deur die Skrifgedeelte op 'n spesifieke dag in die week weer te lees en die preek weer te oordink aan die hand van die Skrifgedeelte. Wanneer Bybelstudie op so 'n manier gedoen word, is daar nie so gou die moeite dat ons onseker is oor wat die HERE sê nie. Ook kom die preek en ons Bybelstudie dan meer volledig tot sy doel, naamlik dat ons die woorde van die HERE kan deurtrek op ons eie persoonlike situasie en op elke faset van ons lewe. Notas wat tydens die preek gemaak is, kan hier baie handig wees.

DIE BYBELSTUDIEVERENIGING EN ONS BYBELSTUDIE

Dit sal ook baie nuttig kan wees om met ons persoonlike Bybelstudie aan te sluit by die onderwerpe of Bybelboeke wat by die Bybelstudievereniging behandel word. Dit kan dus inhou dat 'n hoofstuk wat behandel gaan word op vereniging, in afsonderlike onderdele tydens ons persoonlike Bybelstudie ondersoek word. Hierby kan dan steeds die gebruiklike voorstudiemateriaal gebruik word. Die HERE het ons ook hierdie boeke as hulp gegee om saam met al die heiliges sy Woord te leer verstaan.

Dit is egter baie belangrik dat ons dan steeds ons Bybelstudie gaan doen met die doel om God se stem te hoor vir ons lewe. Wanneer ons dan saam op vereniging is, dan sal die gesprek ook geestelik wees en met die regte fokus. Dan kan ons mekaar op vereniging ook help om die Woord en wil van die HERE vir ons lewe te ken.

VRIENDSKAP EN ONS BYBELSTUDIE

Dit is ook goed as 'n mens as vriende of as man en vrou mekaar wil verder help op die weg van die HERE. 'n Mens kan dan byvoorbeeld saam 'n rooster vir Bybelstudie opstel. Die Bybelstudie word dan nog steeds afsonderlik gedoen (dit bly wesenlik belangrik vir die persoonlike omgang met God), maar op 'n spesifieke tyd kan jy dan saam praat oor vrae wat jy het of oor dinge wat jy geleer het. So kan vriende of huweliksmaats mekaar werklik verryk en slyp deur die Woord van God. Dan word dit normaal en gemaklik om met mekaar oor God se weg vir en in ons lewe te praat. Dit help ook om mekaar te motiveer wanneer ons laks word in ons Bybelstudie.

LEES SELF DIE SKRIF

Daar is baie verskillende maniere om Bybelstudie te doen. Ons het bostaande riglyne gegee omdat God Self vir sy volk wys hoe Hy omgang met sy volk wil hê. Baie vrae bly dan nog onbeantwoord. Kan ons van dagboeke gebruik maak? Of wat van Skrifverklarings? Is dit nie ook goed om Bybelboeke in een Bybelstudie in sy geheel deur te lees en sekere verbande op te tel nie? En so kan 'n mens nog baie vrae opnoem.

In dit alles bly een ding van wesenlike belang, en dit is: Lees self die Skrif! Wanneer jy vanuit die Skrif sien dat 'n verklaring of 'n dagboek onbetroubaar is, of as dit jou nie werklik help om die Skrif self te verstaan nie, dan moet jy daarvan ontslae raak. Dan vertroebel dit God se stem! Begin in jou Bybelstudie dus altyd om eers self die Skrifgedeelte 'n paar keer te lees om self te probeer verstaan wat die HERE vir jou sê. Dan leer jy ook om iets as waar en reg te aanvaar omdat God so sê, en nie omdat dit die woorde van een of ander geleerde is nie. En as jy dan ook 'n hulpmiddel gebruik wat die woorde van die Skrif duidelik maak en onderstreep, dan hoor jy daarin ook die lewende en kragtige stem van jou God.

Hoe heerlik is dit dan om Hom te antwoord in jou gebed! ¤

FOLMER BOEKHANDEL

19e Laan 283, Villieria
Pretoria, 0186, Suid-Afrika

Tel 012 329 0031
Faks 012 329 5927



Bevrijd en teruggekeerd – Doleantie en Vrijmaking: ootmoed en ernst is die 52e deeltjie van die 'Woord en Wereld'. Die skrywer is Ds P Niemeijer, gereformeerde predikant in Den Helder. Omdat aan die kontakte tussen die Christelijk Gereformeerde Kerke en die Vrijgemaakte Kerke in Nederland al jarelank gewerk word, is 'n boek soos dié nodig om die geskiedenis van die twee kerke te ondersoek. 'Watter rykdom sou dit wees en watter krag sou daarvan uitgaan indien hierdie twee kerkgemeenskappe vanuit hulle kerklike erfenis gesamentlik en eensgesind sou kon stry teen tradisionalisme (wêreldgelykvormingheid en vervlakking), optimisme (onderskatting van die wedergeboorte en bekering), subjektivisme (wat die sekerheid nie soek in God se beloftes nie, maar bv. in bevindelikheid) en arminianisme (met sy beeld van 'n God wat alleen maar liefde vir alle mense is en van 'n Heiland wat voor alle mense sou gesterf het). R59,80

Nog 'n keer u aandag vir die drie dele van ds AG de Witt oor die **Psalms**. Vir voorstudie, maar ook ideaal om te gebruik as dagstukke. R25 elk.

M ASSINK: Diaconaat met perspectief – beleid, organisatie en praktijk van het diaconaat. 'n Praktiese gids vir diakens en vir almal wat in diakonale sake belangstel. R135



CD 1165842 – Feike Asma speelt eigen Koraalbewerkingen – Dankt, dankt nu allen God, Komt als kind'en van het licht, Ps 138 en Ps 25 e.a. R115

Dubbel cd 1499592 – Geliefde liederen (bekende Nederlandse koren zingen op verzoek): o.a. Ruwe stormen mogen woeden, Wat de toekomst brengen moge, 'k Wil u o God mijn dank betalen. Martin Mans, Bert Koelewijn, Herman en Henk-Jan Drost, Martin Zonnenberg, en velen meer. Twee pragtige cd's vir slegs R145! ¤

OORLOG, WAPENSTILSTAND, OF VREDE?

- Moontlike erkenning van die GKSA deur die Gereformeerde Kerken in Nederland (vrijgemaakt)

Ds DM Boersma

RONDOM DIE KERK

Gaan die Nederlandse susterkerke 'n susterkerkverhouding met die GKSA begin? Die bespreking van hierdie saak tydens die sinode van die Gereformeerde Kerken in Nederland het drie kerkgenootskappe in spanning gehou. Afgevaardigdes van sowel die GKSA as die VGK het die sinode bygewoon. Uiteindelik het die saak 'n dramatiese wending geneem.

'N VERRASSING

Die kontakte met die GKSA is reeds jarelank op die agenda van ons sinodes. Verskillende besware teen die Dopperkerke het eenheid verhinder. Sedert die sinode van 2000 is die moontlike begin van Skrifkritiek as 'n nuwe punt aan die diskussie toegevoeg. Die deputate Kontak Binnelandse Kerke (KBK) het aan die sinode van 2002 versigtig gerapporteer oor die vooruitgang in die gesprekke, en aangedui dat daar verdere vordering verwag mag word wanneer die gesprekke voortgesit word.

Wat egter nie in die rapport van die KBK genoem was nie, was 'n voorstel wat reeds in 2001 deur die Nederlandse deputate aan ons kerke meegedeel is: om die GKSA as susterkerk te erken. Hierdie voorstel is dan ook vanjaar aan die sinode van Zuidhorn (Nederland) voorgelê en het op ons eie sinode groot opskudding veroorsaak. Daar is besluit om een van die deputate KBK na Nederland af te vaardig, om tydens die bespreking van hierdie voorstel ons bekommernis daaroor uit te spreek, dat nou reeds 'n susterkerkverhouding met die GKSA begin sou word.

VERLEENTHEID

Afgevaardigdes van sowel die GKSA as die VGKSA was by die sinode van die Gereformeerde Kerken (GKN(v)) in Zuidhorn aanwesig. Ongelukkig het dit daartoe gelei dat hulle in die bespreking teenoor mekaar gestaan het. Ds Nel wat namens ons kerke gepraat het, het sorglike ontwikkelinge in die GKSA beskryf en gevra dat die sinode nie nou tot 'n susterkerkverhouding sou besluit nie, maar die besluite van die komende GKSA-sinode in 2003 sou afwag. Dit sou geleentheid gee om te sien hoe die GKSA die ontwikkelinge binne eie kerke beoordeel en daaroor besluit.

Volgens koerantberigte was die sinode afgevaardigdes verras deur die plotselinge kritiek. Van hulle was daaroor ontstem. Die GKSA staan in Nederland goed bekend, en het 'n susterkerkverhouding met die Christelijke Gereformeerde Kerken (CGK), met wie hulle ook in die sending saamwerk. Die GKN(v) is op pad na eenheid met die CGK.

Die probleem lê by die beoordeling van die beraad wat in November 2000 tussen die drie kerke gehou is. Tydens daardie oorleg is die besware van die VGKSA teen die GKSA bespreek. Die konklusies van hierdie beraad verskil en die notule is nooit eenduidig vasgestel nie. Die notule was deur GKSA-deputate opgestel, maar die VGK-deputate het sekere konklusies daaruit aangeveg. Hulle konklusie was dat nie al die sake opgelos is nie, en hulle is steeds besorg dat daar in die GKSA geen wal gegooi word teen die skrifkritiese geluide nie. Deputate van die GKN(v) en die GKSA het egter gekonkludeer dat daar geen belemmering vir eenheid meer was nie.

ONDUIDELIKHEID

Hoe is dit moontlik dat daar oor sulke belangrike sake groot onduidelikheid kan bestaan?

In die afgelope twee jaar het die kommunikasie gebrekkig verloop. Die Nederlandse deputate het daaroor gekla dat hulle geen duidelike inligting en argumentasie ontvang het nie. Ook dat hulle vergeefs gewag het vir die voorstel van die VGK-deputate aan hulle sinode, waaruit sou blyk hoe die VGK die oorleg van November 2000 beoordeel het. Die deputate rapport vir die sinode van Johannesburg (2002) het daaroor geen aanbevelings gedoen nie, sodat ons sinode daaroor nog steeds geen besluit kon neem nie.

Aan die ander kant is merkbaar, dat die Nederlandse deputate nie langer wou wag met die erkenning van die GKSA. In hul rapport aan die sinode het hulle ook min inligting verskaf oor die sake wat tydens die oorleg bespreek is. Geen wonder dat die besware van die VGK vir afgevaardigdes van die sinode Zuidhorn onverwags was nie.

DIE VOORSTEL

Deputate stel voor om die GKSA as susterkerk te erken, en om die eenheid tussen GKSA en VGKSA te bevorder, en daaraan mee te werk dat die GKSA tot die ICRC toegelaat word (die ICRC is die internasionale konferensie van Gereformeerde kerke). As grond noem hulle:

1. Die GKN(v) het die GKSA reeds sedert 1981 as ware kerk van Christus erken.
2. die oorleg saam met VGKSA en GKSA in November 2000 het bevestig dat die GKSA die gesag van die Skrif handhaaf en hulle kerklike verhoudings sorgvuldig hanteer.
3. die GKSA wil tot die ICRC toetree en werk reeds saam met ICRC-lidkerke in Afrika.

GOEIE REDES?

Gebrekkige kommunikasie en rapportering het dus tot die situasie bygedra, maar nog steeds moet die voorstel van deputate van die GKN(v) op meriete beoordeel word. Nadere bestudering daarvan bring 'n paar tekortkomings aan die lig.

Is die tydsdruk tereg? Dit klink asof die GKSA alreeds 21 jaar wag dat die GKN(v) hulle besluit van 1981 uitvoer. Die sinodehandelinge van 1981 wys egter uit, dat 'n voorlopige susterkerkverhouding aan die GKSA aangebied is op die volgende voorwaardes:

a) dat die GKSA nie die Nederlands Gereformeerde Kerken in Nederland (NGKN) erken nie.
b) dat die GKSA-sinode 'n uitspraak van hul eie deputate oor die kerkbegrip van die GKN(v) verwerp (dit betref die vrygemaakte denke oor die ware kerk in terme van kerkverbande, nie net van plaaslike kerke nie).

Aan die susterkerkverhouding is dus sekere voorwaardes verbind. Die GKSA het aan die eerste voorwaarde nie voldoen nie, toe hulle in 1985 die NGKN as susterkerk aanvaar het. Die aanbod van 1981 wag dus nie op implementering deur die GKN(v) nie, maar is deur die destydse GKSA vorm nie aanvaar nie.

Inderdaad is die GKSA as ware kerk van Christus erken. Maar dit neem nie weg dat by 'n voorstel om 'n susterkerkverhouding te begin, die geskiedenis in rekening gebring moet word nie. Het die GKSA se houding t.o.v. die NGKN verander, of is die voorwaardes van 1981 teruggetrek?

DIE EKUMENIESE OPSTELLING VAN DIE GKSA T.O.V. DIE NGKN

Die punt in geding het vir jare die gesprekke tussen GKSA en die beide vrygemaakte kerke beheers. Dit word 'dubbele korrespondensie' genoem. Kan jy 'n kerk as susterkerk erken, wat ook amptelike bande onderhou met kerke wat jy nie kan aanvaar nie? Dit beteken dat jy dan eintlik met daardie kerk indirek ook 'n susterkerkverhouding het.

Die GKN(v) het altyd besware gehad teen die toleransie van dwaalleer binne die NGKN, hul hantering van die belydenis, en die veranderde kerkorde. Die GKSA het egter in 1988 uitgespreek dat hulle die belydenisgrondslag en kerkorde van die NGKN in orde bevind het, en geen ongegronde beskuldigings wil bespreek nie (*Handelinge* 1988, bl. 255-257).

Hierdie punt was nog in 1999 in 'n gesprek tussen GKSA en GKN(v) 'n punt van verskil. Verrassend is, dat hierdie punt wat so lank 'n rol gespeel het, na 2000 nie meer 'n verhindering vir eenheid geag word nie. In die Nederlandse voorstel is hierdie verskille wel genoem, maar dit kom nie meer in die konklusies en besluite terug nie. Dit word seker nie meer relevant geag nie.

Van die kant van die VGK speel die punt na 1999 ook 'n onduidelike rol. Deputate KBK skryf aan die sinode van Bethal:

> *"Hoewel die GKN(v) en die VGKSA uitgespreek het dat hierdie korrespondensie nie 'n struikelblok vir eenwording is nie, wil die deputate nogtans hul kommer oor die betrokke korrespondensie uitspreek. Dit veral in die lig van 'n beëindiging van samesprekings in Nederland tussen die Christelijke Gereformeerde Kerken en die NGK, en tussen die Gereformeerde Kerken in Nederland (Vrijgemaakt) en die NGK. Hoewel die saak in Nederland nog nie finaal afgehandel is nie, sal die GKSA hierin 'n duidelike waarskuwende houding na die NGK moet handhaaf."* (*Handelinge 2000*, bl. 80).

Deputate verwys dus na 'n amptelike uitspraak, maar voer vervolgens dieselfde beswaar as 'n probleempunt aan. Dit lyk na 'n ambivalente houding: is die punt nou van tafel, of nie? Vroeëre handelinge maak geen melding van 'n amptelike besluit hieroor nie. Wel wys die rapport van deputate KBK aan die sinode van 1998, dat deputate dit voorlopig bedoel het, en voorwaardes daaraan verbind het (sien *Handelinge 1998*, bl. 76). Dit is van belang dat hierdie saak opnuut geweeg word.

DIE BREËR EKUMENIESE OPSTELLING VAN DIE GKSA

Ander ekumeniese verhoudings waarin die GKSA funksioneer, word ook bevraagteken. Hulle voer samesprekings met die Christian Reformed Church in Noord-Amerika, om die susterkerkverhouding wat in 1989 vanweë apartheid verbreek is, te herstel. Die vraag word dan gevra, of die GKSA nie op hoogte is met die afskeiding wat in 1996 plaasgevind het, toe heelwat CRC-kerke die United Reformed Churches gevorm het,

vanweë skrifkritiek en die toelating tot die vrou in die ampte. Die GKSA verdedig dit met 'n beroep op die vroeëre verhouding. Maar hoekom word die URC eenvoudig genegeer en word daar gemaak asof daar geen ontwikkelinge in die CRC is, wat eers ondersoek moet word nie?

Die vraag is dus watter koers die GKSA wil vaar. Soek hulle eenheid met kerke wat gereformeerd is, of ook met die kerke waarvan dit bevraagteken word dat hulle die Skrif ernstig neem?

Die antwoord van die GKSA is, dat hulle nie van die sylyn af kritiek wil lewer, sonder om betrokke te wees nie. Dit is hoekom hulle steeds gesprekke voer met die Gereformeerde Ekumeniese Sinode (GES). Hulle het dié organisasie verlaat omrede daar geen maatreëls getref is teen die Gereformeerde Kerken in Nederland (sinodaal) wat homoseksualiteit nie meer veroordeel nie. 'n Onlangse rapport van dié kerke berig egter dat die GKSA die voorneme het om weer by die GES aan te sluit.

Ons kan die houding van die GKSA waardeer. Die gesprekke met die GES wys dat hulle bereid is om moeite te doen om hulle besware kenbaar te maak en grondige studie is daarvoor verrig. Dit is ook duidelik in byvoorbeeld die gesprekke wat plaasvind met die Nederduits Hervormde Kerk. Dit is belangrik dat gereformeerde kerke hulle nie isoleer nie, maar 'n getuienis laat hoor teenoor kerke wat dwaal.

Tog kan dit nie anders as dat daar 'n tyd sal kom waarop 'n gereformeerde kerk moet besluit om bande te verbreek met kerke wat nie meer gereformeerd is nie. Hier sal die GKSA duidelikheid moet verskaf, al is dit dan net vanweë die feit dat lede van die GES nie lidmaatskap van die ICRC kan kry nie. Die ICRC-kerke sal duidelikheid vra oor die standpunt van die GKSA ten opsigte van die GES en die CRC.

'n VERRASSENDE WENDING

Tydens sy sitting van 7 Junie het die sinode van Zuidhorn nie die voorstel van sy deputate aanvaar nie. Daar was 'n staking van stemme. Vervolgens is 'n teenvoorstel aangeneem, om deur middel van intensiewe gesprekke met die GKSA na 'n susterkerkverhouding toe te werk. In die gesprekke moet die susterkerkverhoudings van die GKSA aangespreek word, en die besware van die VGKSA nagegaan word. Intussen ondersteun die Nederlandse kerke die aansoek van die GKSA om lid te word van die ICRC.

HOE VERDER?

Die besluit van die Nederlandse kerke is onder die huidige omstandighede die beste oplossing. Omdat die intervensie van die VGK egter die besluit van die GKN(v) direk beïnvloed het, kan ons verwag dat ons verhouding met die GKSA nou redelik versuur is. Tog moet die proses voortgaan. Wat is die aangewese weg?

Eerstens moet saam met die deputate van die GKN(v) bepaal word wat die gronde van die besware van die VGK is, en of dit 'n verhindering vir eenheid is. Solank hieroor nog onduidelikheid bestaan, bly gesprekke vaag en word geen vooruitgang gemaak nie. Sekere sake is duidelik deur die GKSA-deputate ontken. Ander sake moet grondig bestudeer word, voordat dit beoordeel en geweeg kan word. Is verskillende standpunte oor die vrou in die amp inderdaad skrifkrities, of is dit net 'n eksegetiese verskil, soos deur Nederlandse afgevaardigdes opgemerk is? In vorige rapporte van deputate is so 'n analise nog nie verskaf nie. 'n Teologiese verantwoording moet hoë prioriteit kry.

Verder moet die diskussie suiwer gehou word. Wat presies is die gronde waarop bepaal word of 'n kerk 'n ware kerk is? En watter punte is sekondêr? In die dekades wat verby is, het die besware verskuif en is dit nie altyd duidelik geargumenteer nie (sien die oorsig in Kompas, Mei 2000, bl. 5). Die belangrikheid van elke beswaar moet geweeg word. Volgens die Nederlandse besluit is die ekumeniese verhoudings van die GKSA tog 'n belangrike saak. Die drie deputaatskappe sal saam moet bepaal watter rol dit in die verhoudings speel. Of 'n kerk 'n ware kerk is, moet op grond van amptelike besluite van kerklike vergaderings bepaal word. Afwykende standpunte binne die kerke kan nie daarvoor 'n grond vorm nie, tensy aangetoon kan word dat verkeerde leer getolereer word. Wanneer besware teen sekere uitlatings in die kerklike weg aangespreek en afgehandel word, kan ons konkludeer dat die tug funksioneer. Wanneer dit egter nie bevredigend gebeur nie, bly daar steeds vrae oor.

Ons het nou in die laaste fase van die proses gekom. Besware wat van tafel gehaal is, moet nie weer aangevoer word nie. Wanneer blyk dat die GKSA erns maak met die leer van die Skrif, in prediking en tug, binne die opleiding, en in haar ekumeniese verhoudings, is daar geen verhindering vir eenheid meer nie.

Ten slotte is sorgvuldigheid in verhoudinge dringend gewens. Die konfrontasie tydens die sinode in Zuidhorn kon voorkom gewees het, indien daar tussen beide deputaatskappe goeie kommunikasie was. Dit is nie voldoende om net te veronderstel dat daar duidelikheid en eensgesindheid bestaan nie.

Ook is versigtigheid nodig wanneer beskuldigings gemaak word. Die negende gebod gebied ons om nie sonder goeie gronde en onverhoord 'n ander te beskuldig nie. Hierdie beswaar van die GKSA is in die rapport van deputate nog nie bevredigend weerlê nie.

Die belang van die kontakte met die GKSA moet nie onderskat word nie. Nie net bepaal ons standpunt teenoor die GKSA ons beeld na buite toe nie, maar 'n moontlike erkenning van die GKSA sal groot implikasies vir ons kerklike lewe en die teologiese opleiding kan hê, en nuwe perspektiewe verskaf vir die kerklike verhoudings in Suidelike Afrika. Maar meer nog het ons 'n verantwoordelikheid teenoor Christus, die Heer van die kerk, om eenheid na te strewe met alle kerke wat Hom aanbid en volg. Mag die proses met spoed voortgaan. ¤

’n JAAR IN DIE VREEMDE…
- Gesprek met Hanno en Sietske Boon

ONDERHOUD

Cambridge lê 140 km noordoos van Londen, die hoofstad van Engeland. Die Universiteit van Cambridge bestaan uit 32 kolleges waarvan Corpus Christi College een is. Dit is hier waar die gesin Hanno en Sietske Boon hulleself tuisgemaak het vir ’n jaar. Wilma Pouwels het hulle gaan uitvra oor hulle verblyf in Engeland.

WAT WAS DIE REDE VIR JULLE JAARLANGE VERBLYF IN ENGELAND?
Ons het die voorreg gehad om ’n tydperk van 1 jaar studieverlof te kry by die Universiteit van Pretoria om te werk aan ’n doktorsgraad onder Prof Peter Abrahams verbonde aan die Universiteit van Cambridge in Engeland. Hierdie periode het behels dat ons as gesin ons intrek kon neem in een van die College’s van die Universiteit. Hanno het klas gegee en geswot en Sietske het hard gewerk om in ’n vreemde land die pot aan die kook te hou. Saam met ons dogters Germien en Julia-Marie het ons terdeë geniet van die ryk geskiedenis en kultuur van hierdie Universiteit.

WAAR HET JULLE TUISGEGAAN?
Ons het tuisgegaan in die “Leckhampton huis,” deel van die Corpus Christi College wat dateer uit 1354. ’n Pragtige rooibaksteengebou in die Victoriaanse styl. Ons het op die eerste verdieping gewoon. Die huis was stapafstand van die College waar Hanno gestudeer en gewerk het en staan op 3 hektaar grond wat omskep is in ’n pragtige tuin. In die somer word die groen grasperk voor die huis gebruik om “Croquet” te speel.

Cambridge is ’n studentestad wat die omgewing sonder die studente redelik stil maak. Die stad het ontstaan deur ’n groep monnike wat hulself op ’n droë deel van die toe moerasagtige ooste van Engeland langs die Camrivier, gevestig het. Sedertdien is die hele gebied drooggelê wat die gebiede rondom Cambridge baie geskik maak vir akkerbou. Cambridge ontleen sy naam aan ’n brug wat oor die Camrivier gebou is en het sedert die koms van die monnike uitgegroei tot ’n sentrum van geleerdheid.

Bekende mense van Cambridge was onder andere Isaac Newton wat God se werk in die fisika pragtig beskryf het, Desiderius Erasmus, wat aan die Griekse weergawe van die Bybel gewerk het by Queens’ College asook Martin Bucer, kerk-reformator van Straatsburg wat die laaste tydperk van sy lewe by Corpus Christi College gewerk het. Hy het groot invloed vir die deurwerking van die Reformasie in Engeland gehad. Iets wat moeilik gerealiseer het in die Church of England waarvan die koningshuis nog steeds die hoof is.

’n Besondere ervaring was die feit dat sy dood herdenk is tydens ons verblyf daar. Ons het ’n tentoonstelling oor sy werk bygewoon wat ’n besoek aan die Parker biblioteek waar sy oorspronklike werke bewaar word, ingesluit het. Tussen hierdie manuskripte was ook oorspronklike handgeskrewe briewe van Johannes Calvyn, Martin Luther, Phillip Melanchton en andere gerig aan Bucer tydens sy verblyf in Cambridge.

Hierdie stukkie kerkgeskiedenis het ons werklik meer aangetrokke laat voel tot Corpus Christi College, ’n College wat andersins maar baie sekulêr is.

HOE HET JULLE DIE NATUURSKOON ERVAAR?
Wat veral opval in Engeland is die eenheid wat die boustyl met die natuur vorm. Huise word meestal van die natuurlike klip in die omgewing gebou en pragtige Middeleeuse kerkies in eenvoudige sobere styl versier die landskap. Oral is daar sogenaamde ‘hedges’ tussen die lande. Boere is verplig om hierdie ‘hedges’ te onderhou, aangesien verskeie soorte voëls, knaagdiere en selfs vosse daarin bly.

Die Britte is baie gesteld en trots op hulle tuine. Die tuine word daarom baie goed onderhou en die wandelpaaie is beslis die moeite werd. Die gras is altyd groen wat die tuine reg deur die jaar mooi laat vertoon. Veral die kolossale bome is in die winter’n bekoorlike gesig. Blaarlose takke met die stam wat mosgroen is van al die reën. In die herfsmaande skep die bome weer ’n kleurvolle prentjie. Eekhorinkies is ook volop te sien. Dit was baie mooi om die kontraste tussen die seisoene te ervaar, selfs as die Here ’n koue front oor die vasteland van Europa laat kom het.

BY WATTER KERK HET JULLE INGESKAKEL TERWYL JULLE DAAR WAS EN HOE HET JULLE DIE SONDAG DEURGEBRING?
Ons het die dienste van die “Cambridge Presbyterian Church” bygewoon en is baie goed deur die mense opgevang. Hierdie gemeente is deel van die Evangelical Presbyterian Church of England and Wales (EPCEW), wat ’n susterkerk is van die Gereformeerde Kerke (vrygemaak) in Nederland. Die gemeente het ’n spesiale band met die Gereformeerde Kerk in Helpman. Elke jaar in Oktober is daar ’n besoek aan mekaar, óf in Engeland óf in Nederland. Dit was ’n voorreg om te sien hoe die HERE in Cambridge sy kinders vergader deur eenvoudige en deeglike woordverkondiging. In die tyd wat ons in die gemeente was het hulle sodanig

gegroei dat hulle na 'n groter saal verskuif het om te vergader.

Ds Ian Hamilton het gedurende ons verblyf seriepreke gehad oor Genesis, die tien gebooie, asook die bokamergesprekke van Jesus met sy dissipels. Verder is die aanddienste gewy aan die uitleg van die Westminster Confession. Die preke was eksegeties baie goed onderbou, het die teks laat spreek met aandag vir die heilshistorie, en het verder hande en voete gekry in die 21ste eeuse samelewing van Cambridge. Elke maand is Nagmaal gevier waarna daar 'n 'fellowship lunch' gevolg het. Elke gesin het kos voorberei vir hulself en 'n gas, waarna al die kos op 'n tafel uitgesit is en almal saam 'n gemeenskaplike maaltyd genuttig het. Ons het baie geleer van die praktiese uitlewing van die verantwoordelikheid van medegelowiges teenoor mekaar en die hartlikheid waarmee nuwe lidmate opgevang word. Die mense maak regtig erns met die diens aan die HERE, iets wat ons in die tyd wat ons daar was baie van kon leer. Die lidmate woon in en om Cambridge en bestaan ook uit 'n groot hoeveelheid studente waarvan baie na afhandeling van studie, weer vertrek. Die gemeente is baie aktief besig met evangelisasie. 'n Koffiehuis in die hartjie van Cambridge word op Vrydae en Saterdae beman om sodoende te kan evangeliseer. Ons het vinnig gewoond geraak aan die Engelse 'kerktaal'.

Ons het Sondae baie gaan stap. 'n Gunsteling was Granchester, ongeveer 20 minute se stap vanwaar ons gebly het deur die pragtige Engelse platteland en al langs die Camrivier. Dit was vir ons 'n groot voorreg om die gesin Addie en Christa Haak, lidmate van die kerk in Cambridge te leer ken.

AS AKTIEWE LIDMATE VAN DIE GEMEENTE PRETORIA-MARANATA, HOE HET JULLE DIE "VRYE TYD" WAT GEEN KERKLIKE AKTIWITEITE MEEBRING, ERVAAR?

Dit was 'n positiewe ervaring in die sin dat dit die gesinsbande versterk. 'n Tyd weg uit jou bekende omgewing is 'n ervaring wat die identiteit van 'n gesin vorm. As gesin mag mens saam voor die Here lewe. Daar was baie meer tyd vir lees, en wonderlike geleenthede wat betref musiekuitvoerings. Elke kollege het sy eie koor. Daar was ook baie buitelandse kore wat in die omgewing opgetree het. Ons het byvoorbeeld soms wanneer ons gaan stap het van die "evening-services" bygewoon waar koorknapies gesing het soos die bekende King's College Choir. 'n Besondere ervaring, om die metries berymde psalms te hoor soos dit al eeue lank gesing word.

Die Leckhampton huis wat akkommodasie bied aan die studente van Corpus Christi. Dis in hierdie huis waar die gesin Boon tydens hulle verblyf gewoon het.

Besienswaardighede in die vorm van ou geboue en museums kan mens ure lank boei. Elke kollege het ook sy eie bekoring. Die Queens' College byvoorbeeld, met die "Mathematical-bridge", beter bekend as "the Wooden Bridge". Daar word beweer dat die brug deur die wiskundige Isaac Newton gebou is. Hy het egter al in 1727 gesterf terwyl die brug in 1747 gebou is en weer in 1866 en 1905 herbou is. Die "King's College" op sy beurt weer dateer reeds uit die 1500's, waarvan die gebrandskilderde rame dele uit die Ou en Nuwe Testament weergee.

WAS DAAR GEWOONTES WAT JULLE AS ANDERS ERVAAR HET MET BETREKKING TOT SA?

Die mense kan baie individualisties en materialisties wees. Dis nie iets vreemd aan SA nie, maar die postmoderne gees is baie opmerklik. Die gemiddelde Engelsman is baie belese, het 'n wye algemene kennis, het 'n gevoel vir kuns en geskiedenis. In die universiteitswêreld is dit opmerklik dat die aksent meer op essensieel belangrike dinge in vakgebiede gelê word. Daar is gereelde diskussie en gesprek. Aan die anderkant is daar baie tradisies wat sterk geld. Veral by die Universiteit van Cambridge word tradisie hoog aangeslaan wat by tye nogal frustrerend was.

Engeland is 'n land van orde en almal het hoë agting vir die sogenaamde 'bobby on the beat'. Misdaad word met hand en tand beveg wat die publieke sektor geordend en deeglik laat vertoon.

Opvallend was ook dat die mense daar oor die algemeen in "pub's" kuier. 'n "Pub", bedoelende 'n "public place", dus anders as die pubs wat ons ken. Die mense kom in groepe bymekaar om te kuier as gevolg van die grootte van die huise daar wat nie sulke kuiers kan hanteer nie. Die meeste mense in die omgewing is studente wat 'n fiets 'n algemene verskynsel maak. Ons fietse was dan ook regdeur die jaar ons belangrikste vervoermiddel. Veral lekker was die lang fietsritte wat ons aangepak het. Verder is die treinvervoer so vrylik beskikbaar dat mens letterlik van die een trein in die ander kan klim.

AS MENSE KOM ADVIES VRA OMDAT HULLE SELF VIR 'n JAAR OF MEER IN 'n ANDER LAND MOET GAAN WOON, WAT SOU JULLE ADVIES WEES?

1. Skakel so gou as moontlik in by 'n Gereformeerde kerk. Vul Sondae met goeie leesstof, preekbandjies (ons was bevoorreg om elke Saterdag die preke van Ds Visser per e-pos te ontvang). Moenie die daaglikse huisgodsdiens verwaarloos nie. Waar jy ook al is, bly kind van die HERE.
2. Wees positief oor alles wat die HERE gemaak het en wees opmerksaam vir die wydsheid en groot verskeidenheid in sy Skepping. Die natuurskoon, die klimaat, mense, kultuur en geskiedenis. Wees kind van die HERE, geniet van wat Hy gee en wees in alles gehoorsaam. As jy ander lande en mense met jou eie wil vergelyk, moenie dat dit die botoon voer nie. Moet veral nie die negatiewe in 'n ander land afspeel teen waaraan jy gewoond is nie. Wees liewer opmerksaam en bly burger van God se Koninkryk.
3. Wees besig tuis met die kinders soos altyd, skep geleenthede vir hulle, versterk die gesinsband met gesamentlike aktiwiteite.

Hoofingang van die Corpus Christi kollege in Cambridge.

Gebruik die geleentheid om God te dien. ¤

BELHAR - ORIëNTERINGSKURSUS IN GEREFORMEERDE TEOLOGIE

Dr JA Breytenbach

SENDING

Twee studente in Belhar is besig met 'n oriënteringskursus in die Gereformeerde Teologie! Op die oog af 'n klein sukkelende gemeente met min groei in terme van nuwe mense wat hulle by die kerk voeg. En tog sien ons hierin die gawes wat die Here gee in die versorging, bewaring en uitbreiding van sy kerk.

"SENDINGSOUDERLINGE"

Dit is algemeen bekend dat die sendingwerk van die Vrye Gereformeerde Kerk Kaapstad in Belhar nie die "normale" pad van sendingwerk deurloop het nie. En tog…die afgelope 15 jaar is daar elke Sondag ten minste een erediens gehou waar die evangelie van genade verkondig word.

Die sendingswerk het uitgegaan van die kerkraad en gemeente van Kaapstad. Maar daar is nie onmiddellik 'n sendeling vir die werk beroep nie. Die destydse predikant van Kaapstad, ds. F van Hulst het gereeld in Belhar gepreek en twee "sendingsouderlinge" uit Bellville het die lidmate in Belhar pastoraal versorg. Later is 'n broeder uit Belhar, oom Faan Titus, saam met die sendingsouderlinge in die ampswerk aangestel. Vandag is daar een ouderling en twee diakens uit die gemeente in Belhar wat saam met die sendeling die ampswerk doen.

VOOR- EN NADELE

Hierdie werkwyse het heelwat voordele ingehou. Die sendingsgemeente is van die begin af intensief in die geloof opgebou. Die gemeente se kennis van die evangelie is oor die algemeen op 'n hoë peil.

Die lidmate van Bellville kon, ook as gevolg van die taalverwantskap, baie nou by die lidmate in Belhar betrokke raak. Daar is kennis geneem van die nood en ellende wat die lidmate en die gemeenskap voortdurend ervaar. Hierop is met hulpverlening gereageer. Persoonlike broederlike verhoudinge tussen persone en gesinne uit Bellville en Belhar het ontstaan.

Maar die amptelike betrokkenheid van Bellville met ouderlinge, en die hulpverlening deur die broeders en susters uit Bellville, en later ook ouderlinge uit Belhar kon ongelukkig nie die lidmate genoegsaam stimuleer en motiveer om met entoesiasme verantwoordelikheid vir mekaar te aanvaar nie.

TOERUSTING

Die sendeling het in 2001 broeders toegerus met die oog op moontlike instelling in die amp. Behalwe die huidige ampsdraers het drie ander broeders ook die toerustingsgeleenthede bygewoon. Br Peter Abrahams, wat die toerusting deurloop het, het te kenne gegee dat hy graag voltyds in diens van die Here se Woord wil staan. Na vele gesprekke was dit duidelik dat die aangewese weg sou wees om hierdie broeder 'n oriënteringskursus in die gereformeerde teologie aan te bied. Broeder Carl van Wyk het gevolg.

'n Nuwe weg moes gebaan word. Vanuit die Teologiese Skool van die kerke was daar nie 'n geskikte kursus nie. Die aangewese weg sou wees om een jaar oriëntering of oorbrugging aan te bied, waar-

Br Carl van Wyk en sy gesin

tydens evalueer kan word of die broeders die gawes het om ’n volledige teologiese kursus te doen met die predikantsamp as uiteindelike doel, en of hulle anders as medewerkers of selfs bekwame ouderlinge aangewend kan word na die eenjarige kursus. Die kerkraad van Kaapstad het dus besluit om verantwoordelikheid vir die kursus te aanvaar met die Sendingkommissie wat die sendeling ondersteun in die uitvoering daarvan. Daar is besluit om soveel moontlik van die predikante in te skakel vir die kursusse. Die sendeling het voorlopige toeseggings van die predikante verkry en daar het versoeke van die kerkraad gegaan na die susterkerke om hulle predikante en sendelinge hiervoor vry te stel.

Kaapstad het ook ’n versoek gerig dat die kerke saam verantwoordelikheid aanvaar vir ’n toekomstige kursus met die doel om predikante op te lei. Die afgelope sinode van Johannesburg het die dosente van die Teologiese Skool opgedra om so ’n kursus saam te stel. Die Kuratorium sal die toesig daaroor hê.

DIE STUDENTE SE OMSTANDIGHEDE

Die studente het albei gesinne. Peter Abrahams is nou 28 jaar oud en het ’n vrou, Karen en ’n seun Clement. Carl van Wyk is 32 jaar oud. Sy vrou is Welma en hulle het ’n dogter, Nazley en ’n seun, Giovanni. Beide studente het goeie betrekkings gehad en het dit neergelê om voltyds te studeer en deeltyds in die gemeente te werk. Vir die praktiese werk wat beskou word as deel van die kursus, ontvang hulle elkeen ’n studiebeurs om te voorsien in hulle lewensonderhoud. Die studente het geen waarborg dat hulle wel sal voortgaan met studies nie en die studiebeurs word jaar vir jaar toegeken. Dit is dus ’n groot opoffering sonder allerlei sekuriteit. Verdere studie hang af van resultate en evaluering aan die einde van die jaar. Dit vereis van hulle besondere geloofsmoed.

Die broeders het die studies met blydskap aangepak. Hulle studeer met groot ywer. Hulle bydrae in die klassituasie getuig van betrokkenheid en deurdenking en verwerking van die leerstof.

DIE ORIËNTERINGSKURSUS

Die kursus bestaan uit 13 modules. Die studente het reeds die volgende vakke afgehandel:

1. Die teologiese vakke: ensiklopediese inleiding
2. Oorsig oor die Kerkgeskiedenis
3. Gereformeerde geloofsleer
4. Inleiding in Kerkreg en die Kerkorde
5. Sending- en evangelisasiewerk

Van 3 tot 15 Junie is hulle in Pretoria vir kursusse: Openbaringsgeskiedenis van die Ou Testament en Openbaringsgeskiedenis van die Nuwe Testament.

Gedurende Oktober is hulle in Pretoria vir inleidende kursusse Homiletiek, Kategetiek, Herderkunde en Etiek. Die verblyf in Pretoria is ook ’n geleentheid om kennis te maak met die broeders en susters in die noorde van die land sowel as met die sendingwerk daar.

In November en Desember volg nog die kursusse Simboliek en Liturgiek in die Kaap.

Peter en Carl werk met entoesiasme in die gemeente en hulle word goed deur die gemeente aanvaar. Hulle doen evangelisasiebesoeke, asook gereelde besoeke aan lidmate tuis. Hulle is aktief betrokke

Br Peter Abrahams

in kommissies van die gemeente en Carl lees gereeld preek.

MOTIVERING VIR GOEIE OPLEIDING

Die vraag is gevra: waarom nou reeds twee broeders so ’n kursus aanbied? Want volgende jaar moet daar ’n volwaardige teologiese kursus wees.

Kyk hoe klein is die gemeente. Kyk na al die swakhede. Waar is die mannekrag om die kursus aan te bied? Kyk hoe oorlaai en belas is die predikante van ons kerke. Kan daar nie liewer eers in die diepte gewerk word nie?

Nou is die oorbelasting van die predikante ’n dreigende probleem. Daar kom vele groot uitdagings op die klein kerkverband af. Sommige sake moet aangepak word, ander sake kan nie aangepak word as gevolg van ’n gebrek aan mannekrag of middele. En die predikant se werk in die gemeente kan maklik onder die werkslas ly en dan ly die versorging van die gemeente ook. Maar hier moet twee aantekeninge gemaak word.

1. Wanneer sendingwerk aangepak word moet die oog gehou word op die doel van selfstandige kerke wat deur ampsdraers bedien word wat die Here deur die bediening van sy Woord aan sy

gemeente gee. Die koste moet deeglik bereken word. Dit sou werklik onbarmhartig wees om vir broeders uit die bestaande kerke opleiding te voorsien, maar die broeders op die sendingsterrein weg te stuur. Waar die Here die gawes gee, moet ons die broeders ondersteun sodat die kerk op die sendingsterrein opgebou kan word. Natuurlik is dit 'n saak van prioriteite regkry, en dan moet ons ook gaan kyk na die jarelange sendingwerk waarin die Here nou moontlikhede gee dat daar bedienaars van die Woord mag kom.

2. Ons moet in die sendingsgemeente in die diepte werk. Maar wat bedoel ons daarmee? Is dit dan nie dat die evangelie mense omvattend aanspreek en bekeer en hulle hulle "mondigheid" voor God erken en hulle verantwoordelikheid aanvaar om self kerk van Christus te wees nie? Dit word tog juis bevorder deur die toerusting van gawes wat die Here gee (Ef. 4) sodat hulle weer ander kan toerus (2 Tim. 2). Wie kan die sendingsgemeente beter toerus as betroubare en bekwame ouderlinge en predikante wat die Here in die sendingsgemeentes gee? Daarom moet die opleiding tot die ampte suiwer wees, en ook van die hoogste gehalte. Ons kan nie ons studente vir 'n remonstrantse of charismatiese inrigting afstaan om op te lei nie. Kerkeenheid word bevorder deur met die suiwer evangelie die broeders so goed as moontlik toe te rus en bekwaam te maak vir diens in die kerke. Hulle moet kan voldoen aan die vereistes wat die Here vir die predikamp stel. Anders sal die gemeente nie in die diepte groei nie, maar is die moontlikheid groot dat daar dwaalleer ingevoer word.

Prioriteite? Opleiding vir die diens van die Woord op die sendingsterrein is onontwykbaar die kerke se verantwoordelikheid. ¤

VROUESAAMTREKDAG TE BETHAL

Mariaan Hordijk

SAMELEWING

Die rol van die vrou is altyd 'n kontroversiële onderwerp. Moet sy by die huis bly? Mag sy haarself laat geld as beroepsvrou? Waar pas 'n huwelik en gesin in die prentjie? Heerlike stof vir 'n vurige debat. Tog is dit nie op die saamtrekdag bespreek nie, al was die tema van die dag "Ons Christenvrou se rol in die moderne samelewing".

Die jaarlikse vrouesaamtrekdag het hierdie jaar op 11 Mei te Bethal plaasgevind. Ja, dit is vanuit Pretoria twee ure se ry en vanuit Roodepoort twee en 'n half, so ons moes vroeg roer om betyds daar te wees. Na 'n voorspoedige reis is ons trakteer op welkome koffie en beskuit. Ons was selfs vroeg genoeg om die versierings te besigtig wat deur die susters van Bethal aangebring is. Die voorportaal en opdieningshoek is bedek met rooi sinkplate. Die sinkplate dui op ons onvolmaaktheid en die rooi op Christus se bloed wat die onvolmaaktheid wegneem. Die sinkplate is drapeer met pers materiaal wat op die koningskap van Christus dui. Die blommerangskikkings het pers en wit blomme bevat. Die pers blomme het weereens die koningskap van Christus aangedui, terwyl die wit op ons reiniging deur die bloed van Christus dui. Die lêers wat elkeen ontvang het, het ook die kleure uitgebeeld. Verder is 'n grashalm en sand daarop geplak, wat dui op Psalm 103:14,15. Dit was waarlik 'n fees vir die oog.

Die spreker vir die dag was br Piet Schoeman, 'n lidmaat van die VGK te Bethal. Die tema van sy referaat was: **"Ons Christenvrou se rol in die moderne samelewing"**. Br Schoeman het sy referaat begin deur Johannes 1:1-5 aan te haal. "*In die begin was die Woord en die Woord was by God en die Woord was God. Hy was in die begin by God. Alle dinge het deur Hom ontstaan en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie. In Hom was lewe, en die lewe was die lig van die mense. En die lig skyn in die duisternis, en die duisternis het dit nie oorweldig nie.*" Met hierdie aanhef is ons aandag direk van onsself afgelei en gefokus op God. Daarna het broeder Schoeman ons geneem na die skeppingsverhaal, spesifiek die skepping van die vrou. Sy is as 'n hulp wat by hom pas aan die man gegee. Die aanhaling wat hy uit die Bybelroman van Jaco Thorm voorgelees het, het veral die bewondering wat Adam vir Eva gehad het beklemtoon.

Br Schoeman het ons vervolgens die vrou van Spreuke 31:10-31 laat sien. Is ons nie almal heimlik jaloers op hierdie deugsame vrou nie? Laat sy ons nie almal 'n bietjie onwaardig voel nie? Tog het Br Schoeman ons met heel ander oë na haar laat kyk. Sy is 'n vrou wat met die Here wandel en op Hom vertrou vir leiding. Sy is 'n biddende vrou en moeder wat haar man en gesin aan die Here opdra. Daarom het sy geen kommer oor hulle daaglikse versorging en hulle opvoeding nie. Hieruit het ek geleer dat tyd of plek nie saak maak nie. Of ek nou in 2000 v.C. of 2000 n.C. leef maak nie 'n verskil nie. Of ek nou in Suid-Afrika of Australië of Europa woon, maak nie saak nie. Wat maak dan saak? Dat ek met die Here wandel. Dat ek elke tree wat ek gee, met Hom wandel. Dat ek in gebed my behoeftes en bekommernisse aan Hom bekend maak. Dan sal sy weë ook aan my bekend word. Dan is ek 'n Christenvrou. Dan kan ek dit ook in 'n moderne samelewing wees.

Tydens die groepsbespreking het ons kennis gemaak met 'n aantal Nuwe Testamentiese vroue. Ons het **Maria, die moeder van Jesus**, leer ken as 'n vrou tot beskikking van God. Ons moes daarby stilstaan of ons ook tot God se beskikking is as Hy ons tot 'n sekere taak roep. Tweedens

het ons **Anna** leer ken as 'n weduwee wat die toonbeeld van God se genade is. Ons het deur haar geleer dat bejaarde mense steeds kragtige getuies vir Jesus Christus kan wees. Ons moet elke dag ten volle benut, sodat ons ook 'n toonbeeld van God se genade kan wees. Die derde vrou wat ons ontmoet het, was **Salome**, 'n ma met groot drome vir haar kinders. Sy was die moeder van die seuns van Sebedeus en wou dat haar twee seuns aan die regter-en linkerhand van Jesus in sy koninkryk moes sit. Van haar het ons geleer dat dit die belangrikste is om seker te maak dat ons kinders leer om die Here lief te hê (3 Joh. 4).

Maria Magdalena ontmoet ons as die draer van goeie nuus. Sy, uit wie die Here Jesus sewe duiwels moes uitdryf, word deur haar opgestane Heer gestuur om aan die dissipels te vertel dat Hy opgestaan het. Kom ons wees ook die draers van hierdie goeie nuus. Dit sal ons so besig hou, dat ons nie tyd sal hê vir skinderpraatjies nie. **Tabita**, 'n vrou van welwillendheid, is ons vyfde vriendin in die Nuwe Testament. Sy was altyd besig om goed te doen. Haar leefwyse het gestraal van Jesus se vrede en liefde, want sy het Hom geken en liefgehad. Is ons bereid om soos Tabita "daad-Christene" te wees, wat ons talente, tyd en geld onvoorwaardelik in diens van die Here aanwend? (Jes. 58:10)

Lidia se voltydse werk was nie vir haar 'n verskoning om minder tyd aan die Here te wy nie. Die eerste Christengemeente in Europa ontstaan omdat die beroepsvrou duisende jare gelede bereid was om haar beroep te verander tot roeping as getuie vir Jesus Christus. **Priscilla** is aan ons voorgestel as 'n vrou wat betrokke is in haar gemeente. Haar naam word telkens in die Bybel saam met die van haar man Aquila genoem. Paulus noem hulle sy medewerkers in Christus Jesus. Help ons ook om God se Gebou hier op aarde uit te brei deur ons ywerige werk in sy Kerk?

Timótheüs, een van Paulus se reisgenote, is van kleins af deur sy moeder **Eunice** en grootmoeder **Loïs**, van die Here geleer. Dit ten spyte van die feit dat sy vader 'n Griek was. Om doelbewus 'n liefde vir God en sy Woord van kleins af by jou kinders te kweek, is die grootste en blywenste geskenk wat jy aan jou kind kan gee.

Dankie br Piet Schoeman vir 'n insiggewende referaat. U het aan ons geleer dat ons lig wat in Jesus Christus skyn, alle duisternis sal oorweldig. Dankie susters van Bethal. Nadat ons geestelik gevoed is, het julle gesorg vir 'n heerlike middagete. Ons weet julle kragte is min. Tog het dit julle nie afgeskrik nie. Julle ywer en entoesiasme het gesorg vir 'n onvergeetlike dag. Ons dank gaan uit na ons Hemelse Vader wat ons aan mekaar geskenk het om saam sy ligdraers te wees, ook in ons moderne samelewing. ¤

DEPRESSIE BY KINDERS

SAMELEWING

Depressie is 'n bekende verskynsel by volwasse mense. Dit is miskien minder bekend dat ook kinders depressief kan raak. Tydens die kursus 'kinderpastoraat' waaroor in die vorige Kompas-uitgawe berig is, is daar spesifiek aan hierdie probleem aandag gegee. Willemien Kleijn doen verslag.

Kinders kan inderdaad ook aan depressie ly. By kinders word depressie egter gemasker deur hulle gedrag. Ons herken dit nie altyd direk as depressie nie. As 'n kind aggressiewe gedrag vertoon, reageer ons dáárop en kyk ons nie sommer verder vir onderliggende oorsake nie.

Onderliggend aan die gedrag is daar 'n kind wat bedroef, somber en terneergedruk voel. Die kind evalueer homself, die toekoms, die omgewing en die wêreld op 'n negatiewe manier. Hy voel ongemotiveerd en trek homself liewers terug. As ons as volwassenes dan hierdie kind bestraf oor sy aggressiewe gedrag, sonder om dít in ag te neem, kan ons die situasie juis vererger. Hy voel dan net nog meer negatief oor homself.

OORSAKE

Daar is basies drie faktore wat depressie by kinders kan veroorsaak. In die eerste plek: die omgewing van die kind. Die ouers en die skool speel hier beide 'n belangrike rol. As die kind sy interaksie met hulle negatief ervaar, kan dit aanleiding gee tot depressie. Tweedens speel die lewensgeskiedenis van die kind 'n belangrike rol. Dit kan wees dat daar traumatiese gebeurtenisse in die kind se lewe plaasgevind het. Ons kan dink aan verliese, soos die dood van sy hond. Dit kan ook wees dat die kind mishandel is of dat hy reageer op voorvalle soos motorongelukke. In die derde plek is daar faktore binne die kind. Hier kan ons dink aan die geaardheid van die kind. Daar kan ook versteurings wees in die ontwikkeling van die kind se selfstandigheid. Verder kan die kind onder aangebore gebreke (fisies en/of biochemies) of liggaamlike siektes ly. Depressie is gewoonlik die produk van die samewerking van hierdie faktore. Dit word amper nooit veroorsaak deur net een faktor nie.

As mens 'n depressiewe kind wil help is dit nodig om te kyk hoe ernstig die depressie is. In hierdie verband moet ons probeer vasstel tot watter mate die normale funksionering in gedrang kom. Kan die kind nog sy daaglikse dinge doen of kom dit onder druk? Dit kan selfs wees dat die kind glad nie meer kan funksioneer nie. In daardie geval is die depressie baie ernstig. Dit is ook belangrik dat daar vasgestel word wat die oorsaak van die depressie is. Ons het alreeds die faktore wat depressie kan veroorsaak kortliks bespreek. As 'n mens dit kan identifiseer kan jy aflei hoe ernstig die depressie is

en sal dit gevolglik ook makliker wees om die kind te help. Verder moet ons probeer vasstel of die depressie beïnvloed kan word. Word die kind vroliker as hy deelneem aan 'n oulike uitstappie of as hy iemand ontmoet? Indien nie, is die depressie van 'n erge graad en is dit moeilik vir die kind en vir sy omgewing. In die laaste plek moet ons kyk hoe lank die kind reeds depressief is. Depressie word gedefinieer as 'n stemmingsteurnis wat ten minste twee weke aan een voortduur.

HULP

Gebaseer op die evaluering van die erns van die depressie, kan 'n mens die kind probeer help. As die depressie baie ernstig is, sal dit dalk nodig wees om professionele hulp in te skakel. Dit is nie 'n skande nie. As dit sou gebeur, beteken dit nie dat jy self nie meer 'n taak daarin het nie. Jy sal die kind nog steeds moet ondersteun in woord en daad. Dit beteken dat jy vir die kind bid en met hom praat.

Dit is egter dikwels nie nodig om (direk) professionele hulp in te skakel nie. Jy kan self ook met die kind praat en hom probeer help. Dit is altyd belangrik om so vinnig as moontlik op te tree. Probeer om erge depressie te voorkom. Moenie die kind se probleme kleineer nie. Dit wat hy sê is vir hom 'n groot en ernstige probleem, ook al lyk dit miskien nietig in ons oë. Luister aandagtig na die kind se storie. Die Bybel is baie nuttig en belangrik. Wys die kind op dit wat God vir sy kinders gedoen het. Hy het selfs sy eie Seun vir hulle laat sterwe! 'n Mens kan byvoorbeeld die verhaal van Elia (1 Konings 19:1-18) gebruik om te wys dat selfs diensknegte van die Here depressief kan raak en dat God hulle dan weer krag gee om voort te gaan.

By kinders is fisiese aanraking baie keer belangrik. Gee die kind 'n drukkie. Spandeer tyd met hom. Speel met hom. Op hierdie manier sien die kind dat jy vir hom lief is en dat hy waardevol is. Onthou egter dat kinders verskil in die manier waarop hulle aangeraak wil word. Sommige kinders hou van drukkies terwyl ander kinders eerder sal wil stoei. Ken die kind en sluit by sy geaardheid aan.

Depressie kom dus definitief voor by kinders. Laat ons dit in gedagte hou as 'n kind afwykend optree. Laat ons hierdie kinders ondersteun in woord en daad. Laat ons veral vir hulle bid. ¤

EEN IS ONS MEESTER

Ds Rob Visser

LEER VAN DIE SKRIF

Kerkorde en kerkreg is woorde wat nie altyd bly verwelkom word nie. Is dit nie dinge wat net vir deskundiges is en wat ook al vir baie ellende gesorg het nie? Die woorde kerkorde en kerkreg kan mense ook laat skrik omdat hulle baie slegte ervarings met die kerkreg het. Kerke wat vir die waarheid van God se Woord gestry het, is dikwels in naam van die kerkreg uitgewerp, troue ampsdraers is geskors en afgesit en het al hulle besittings kwyt geraak. Dink maar net aan die gemeentes in Springs en De Deur in ons land. Dit was ook in die naam van kerkreg dat in die tyd van die Vrymaking Schilder, Greydanus en ander geskors en afgesit is en dat selfs die grootste dele van kerkrade deur meerdere vergaderings afgesit is.

KERKREG IS DIE REG VAN CHRISTUS

Wanneer die kerkreg 'n saak van baie reëls en wette word en daar selfs aktuarisse nodig is om te kan besluit wat kerkregtelik reg is, het dit 'n saak van deskundiges geword. Dan het dit 'n juridiese saak geword met allerhande tegniese slaggate en nie meer die eenvoudige reg van Christus in die kerk nie.

Nogtans is kerkverband en kerkorde goeie sake waartoe Christus ons roep. Die reg wat Christus in sy gemeente wil handhaaf is nie 'n ingewikkelde saak nie, maar sy eenvoudige reg wat ons almal kan verstaan. Dan sien ons dat dit vir kerke wat Christus volgens sy Woord wil volg nooit 'n bedreiging kan wees nie. Dit is juis 'n ekstra beskerming. Indien dit dan 'n bedreiging vir die waarheid word, kan die plaaslike kerk die band verbreek sonder dat dit invloed op daardie gemeente het.

ENKELE BELANGRIKE FEITE UIT DIE GESKIEDENIS

Toe Jan van Riebeeck in 1652 in die Kaap aangekom het, het Christus se kerk in ons geliefde Suid-Afrika gekom. Die kerk in die Kaap was deel van die Gereformeerde Kerke in Nederland. Hoe het hierdie kerke mekaar gevind en volgens watter Skriftuurlike reëls het hulle in 'n kerkverband saamgeleef?

Christus het daarvoor gesorg dat die ware evangelie ook in Frankryk en die Nederlande verkondig word. Ook hier ontstaan weer ware kerke van Christus teenoor die Roomse Kerk. Hierdie kerke bly nie lank sonder probleme nie. Hulle word vervolg. Die opsteller van die Nederlandse Geloofsbelydenis Guido de Bres sterf in 1567 in Valenciennes die marteldood. Vanaf 1568 woed die Tagtigjare Oorlog in die Nederlande. Die gevolg van die vervolginge is dat baie gereformeerdes uit die Nederlande vlug. So ontstaan daar Nederlandse vlugteling-

gemeentes in onder andere Londen, Frankental en Embden. Die gemeentes wat in die Nederlande agterbly, word die kruiskerke genoem. Dit is vanweë die vervolging baie moeilik om as kerke in 'n kerklike vergadering saam te kom. Dit is daarom dat die eerste Algemene Sinode van die Nederlandse Kerke buite Nederland in Duitsland gehou word. Hierdie sinode is in 1571 in Embden gehou. Die voorbereiding vir hierdie vergadering het drie jaar daarvoor plaasgevind in Wesel. Ook in Duitsland.

GEEN OORHEERSING NIE

Een van die kenmerke van die vergadering waar die kerkverband van Gereformeerde Nederlandse Kerke ontstaan het, is die sterk afwysing van elke oorheersing van persone en van kerke oor mekaar. Opvallend is o.a. dat die eerste artikel van die Handelinge van die Sinode van Embden lui: "Geen kerk mag oor 'n ander kerk, geen dienaar van die Woord, geen ouderling en diaken, mag die een oor die ander heerskappy voer nie, maar enigeen moet hom vir die verleiding om heerskappy te voer wag." In ons eie Kerkorde is daar nog 'n duidelike herinnering aan hierdie woorde in art 83: "Geen kerk mag oor ander kerke, en geen ampsdraer oor ander ampsdraers, op watter manier ook al, heers nie.'

Hoekom was hierdie woorde toe en is hulle vandag so belangrik? Laat ons eers teruggaan na die tyd dat ons vaders besig was om Christus se kerke in 'n kerkverband te verenig.

As die broeders in 1568 in Wesel saamkom, gedra hulle hul nie soos mense wat alles self nog moet uitvind nie. Hulle let op voorbeelde van gereformeerde kerke in ander lande wat al 'n kerkverband gevorm het. 'n Belangrike voorbeeld vir hulle was die kerkorde wat vanaf 1559 deur die Franse gereformeerde kerke aangeneem is. Die Franse kerke het weer veral na die kerkorde van Genève gekyk. Nogtans was ons voorvaders nie slaafse navolgers nie. Hulle het ook met hul eie onderskeidingsvermoë en insig gewerk. Die broers wat daar saamgekom het, het in die jare wat agter hulle lê, gesien hoe gevaarlik en sleg dit is as predikante probeer om oor die gemeente te heers. Die konvent van Wesel sluit aan by die Kerkorde van Genese wanneer hulle twee lyste opstel van sondes waarvoor veral leraars moet oppas. Die eerste lys noem die sondes wat in 'n leraar nie verdra mag word nie. Die ander is 'n lys van sondes wat aan 'n leraar vergewe kan word, maar waardeur hy wel strafwaardig geword het. Die Nederlandse broers voeg aan die eerste lys toe dat 'n leraar "nie openlik na heerskappy oor die kerk en sy ampgenote mag streef nie." Aan die tweede lys voeg hulle toe: "eersug en ydele roem en die in die geheim daarna streef om heerskappy oor die kerk of ampsgenote te voer." Die konvent van Wesel het baie duidelik die gevaar van die heerskappy van leraars raakgesien en dit afgewys.

Die beginsel is dat Christus Here en Meester is. Hy en sy Woord moet in alles as die hoogste norm geëerbiedig word. Dit is ook daarom dat die konvent van Wesel van die leraars o.a. uitspreek: "hulle is in die diens van ons Here Jesus Christus op geen enkele manier eie meester nie." (IV,12) Na die konvent in Wesel wil meerdere kerke nou werklik tot 'n gereformeerde kerkverband kom. Die konvent van Wesel was nog nie 'n Sinode nie. Dit was 'n konvent wat nie bindende besluite kon neem nie.

ANGS VIR KERKVERBAND

Ons moet onthou dat die gereformeerde kerkverband nie sonder besware en teenstand tot stand gekom het nie. Ook onder gereformeerdes was daar angs vir 'n kerkverband. Sommiges meen dat dit weer die slawerny van die plaaslike kerke aan 'n hoër gesag sal terugbring. Hulle is bang dat die tyd van die Pous en die Roomse kerk weer sal terugkeer. Hulle is bang dat 'n Sinode die plek van die Pous sal inneem. Die kerke wat hulle inspan om in 1571 die Sinode in Embden saam te bring, kry teenstand. Daar moet baie gepraat en geskryf word. Die gereformeerde kerk in Embden self is nie entoesiasties oor die idee van 'n sinode en 'n kerkverband nie. Hierdie gemeente hou hom dan ook afsydig, al word die sinode in hulle eie stad gehou. 'n Ander deel van die Nederlandse Kerke wat probleme met hierdie vergadering het is die Hollanders.

'n Invloedryke Hollander, Laurens Jacobz Reael, sien in die planne vir 'n Algemene Sinode 'n manier om na die bevryding van die Nederlande die ware kerklike en geestelike vryheid weer in te perk. Hy noem dit die nuwe pousdom en saam met ander Hollanders sien hy dit net as menslike instellings. Dieselfde geluide was ook al daar by die vorming van die kerkverband van die Franse Gereformeerde Kerke. Daar is die aanvoerder van die beswaarmakers Morily. Hy en sy volgelinge wou hê dat elke plaaslike gemeente as 'n demokrasie funksioneer.

Die brief waarin die kerke na die Sinode van Embden genooi word, beklemtoon dan al dat die gesamentlike oorleg en die besluite wat daar geneem sal word, nie die doel het om oor ander te heers nie. Ook die laaste artikel van die Handelinge van die sinode van Embden maak dit duidelik. Daar word die volgende gesê: "Deze artikelen de wettelijke en behoorlijke orde der kerken betreffende, zijn alzo met gemeen akkoord gesteld, dat ze (zo het de nuttigheid der kerken vereist) veranderd, vermeerderd en verminderd mogen en behoren te worden. Nochtans zal het geen bijzondere kerk vry staan, zulks te doen. Maar alle kerken zullen arbeiden deze te onderhouden, totdat in een synodale vergadering anders besloten word." Ons sien op die Sinode van Embden dat die selfstandigheid van die plaaslike kerk beklemtoon word, sonder dat dit die roeping en funksie van die kerkverband ondergrawe.

Dit is nou belangrik om na die Skriftuurlike gronde vir die selfstandigheid van die plaaslike kerk en die roeping tot kerkverband te kyk. Dit doen ons DV in 'n volgende artikel. ¤

’n NUWE VERBAND VAN KERKE OP GROND VAN DIE SKRIF EN DIE DRIE FORMULIERE VAN EENHEID?

Ds. E Viljoen

PEILING

Binne die NGK is daar positiewe ontwikkelinge wat ons dringende aandag, meelewing en voorbidding vereis. Op ’n spesiale kerkraadsvergadering het die kerkraad van die NGK Hospitaalpark in Bloemfontein die volgende oorweeg en besluit :

“*In die afgelope tyd het verskeie kerkraadslede en gemeentelede van hierdie gemeente hulle onrustigheid uitgespreek met die uitsprake van teoloë van die NG Kerk wat die gereformeerde belydenis van die NG Kerk in sy hart raak, asook oor veranderinge wat die kerk raak. Daar is ook die behoefte om te bepaal watter NG Gemeentes steeds dieselfde belydenisgrondslag as hierdie gemeente het, sodat die verband tussen NG Gemeentes met dieselfde belydenisgrondslag herstel kan word*”.

Die bemoedigende van hierdie besluit is in die eerste plek dat ons hier te doen het met ’n besluit van ’n ***kerkraad***. Nie slegs ’n predikant wat in eie naam en op eie verantwoordelikheid in die openbaar uitkom vir die belydenis van Christus se Naam nie. Só vind reformasie van die ***kerk*** plaas! Ouderlinge en predikante van ’n plaaslike gemeente wat saam hul taak en roeping nakom om die skape te lei volgens die Woord van die Here. Tweedens spreek dit ons onmiddellik aan dat hier geen sektariese soeke na eie belange of eie eienaardighede na vore kom in die besluit van die kerkraad nie. Hier is duidelik sprake van ’n begeerte om te leef volgens die geloof wat ons bely. Dit is hoe ons in gehoorsaamheid as kinders van die Here leef; nie volgens eie wil en voorliefdes nie, maar volgens ***alles wat Christus ons beveel het***. Ons hoor in hierdie besluit geen geïrriteerdheid met spesifieke persone nie. Hopeloos te maklik is al in die verlede in die kerkgeskiedenis persoonlike konflikte en ontevredenheid weggesteek agter die skriftuurlike oproep om gedurig in die kerk te bly reformeer.

Reformasie van die kerk is dan ook presies dit, nl. die kerk in haar verhouding tot die Hoof van die kerk, wat ter sprake kom en moet kom. In die derde plek verbly dit ons om in die besluit van die kerkraad van Hospitaalpark die uitgesproke begeerte te hoor om in ’n verband met ander kerke te leef. Hier gaan dit tog oor die kosbare belydenis dat Christus een Herder is met een kudde. Die soeke van die ***gehoorsame uitleef*** van die eenheid van die kerk in die een ware geloof wat ons bely kan alleen ’n opregte saak wees, indien daar weer ’n duidelike sig gekom het op wie werklik die hoof van die kerk is, nl. Christus self. Indien dit uit

“In die afgelope tyd het verskeie kerkraadslede en gemeentelede van hierdie gemeente hulle onrustigheid uitgespreek met die uitsprake van teoloë van die NG Kerk wat die gereformeerde belydenis van die NG Kerk in sy hart raak, asook oor veranderinge wat die kerk raak. Daar is ook die behoefte om te bepaal watter NG Gemeentes steeds dieselfde belydenisgrondslag as hierdie gemeente het, sodat die verband tussen NG Gemeentes met dieselfde belydenisgrondslag herstel kan word”.

die sig verloor word, sal elke poging tot reformasie van die kerk altyd maar net ’n verbouing en hergroepering in die kerk wees. Hospitaalpark verklaar dat hulle die eenheid van ander kerke (gemeentes) soek op grond van die geloof in Christus wat ons bely. Ons wil dit waag om te sê dat dit die duidelikste verklaring tot begeerte van die eenheid is wat in ’n lang tyd in die openbaar gedoen is.

Hierdie saak van die uittree in die openbaar is geen geringe saak nie. Ons wil daarom in die vierde plek die aandag daarop vestig dat elke belydenis van die Naam van Christus beteken dat ons dit wat ons met die hart glo nou ook in die openbaar bely. Dit beteken om publiek ’n standpunt in te neem vir Christus teen alle gesag wat hul teen Hom verset. Ook kerklike gesag wat nie wil buig voor Koning Jesus die Christus nie!

In die verlede is al meer keer binne die NGK gepraat van ’n nuwe verband van kerke. In al daardie gevalle is bedoel dat gewerk moet word na ’n verband van kerke ***binne*** die bestaande NG Kerkverband. Dit sou neerkom op ’n drukgroep binne ’n afvallige kerkverband wat ’n misplaaste onbreekbare (maar wel erg rekbare!) lojaliteit aan die verband van die NG Kerke bó Christus het. Daarom is ons vol hoop dat hierdie dapper openbare standpunt van NGK Hospitaalpark nie sal uitloop op ’n poging om steeds maar op die ruïnes van die afvallige deel van die NGK te bly bou nie. Daar is tog net een fondament waarop gebou kan word aan Christus se kerk en dit is die onfeilbare getuienis van die apostels en die profete (Ef. 2:20), terwyl Christus self die hoeksteen is.

Laat ons dit maar heel duidelik stel. Ons hoop dat hier werklik 'n bevryding vir hierdie kerk in Bloemfontein saam met ander kerke sal kom. Bevryding van die onskriftuurlike lojaliteit aan die sinodale struktuur waarin Christus se Woord vir soveel jare reeds nie meer die hoogste gesag het nie. Kort voor die so belangrike Ryksdag van Worms waar Martin Luther die bekende "Hier staan ek. Ek kan nie anders nie. God help my!" uitgespreek het, skryf hy aan sy ouer vreesagtige biegvader Von Staupitz: "Dit is nie 'n tyd om te buig (*voor wederregtelike kerklike gesag*, E.V.) nie, maar om hard uit te roep nou dat ons Here Jesus Christus verdoem, beledig en bespot word…. Nou is die woord van die evangelie van toepassing: Hy wat My voor die mense bely, hom sal Ek voor My hemelse Vader bely en wie My verloën (*voor die mense*, E.V.), sal Ek ook verloën."

Luther gaan verder in hierdie trant: "Ek skryf dit aan u openlik omdat ek vrees dat u aarsel tussen Christus en die Pous ofskoon hulle regstreeks teenoor mekaar staan. Ek herinner u daaraan dat u vir my toe ons in Augsburg was, gesê het: 'Dink daaraan broeder, dat jy in die Naam van Christus begin het!' Ek het dit nog nooit vergeet nie en sê dit nou teenoor u. Ek het gevrees en gebeef toe ek die boeke van die Pous verbrand, maar nou voel ek my bevry en my hart voel meer verlig as ooit."

Wat nodig is binne die NGK (en ook gedurig binne elke kerkverband), is hierdie besef van die noodsaaklike gehoorsaamheid aan Christus bo alle gesag in die kerk. Dit beteken in die situasie van Hospitaalpark saam met soveel ander kerke en lidmate, dat hulle bevry moet word van die tirannie van sinodebesluite wat hul gewetens bind tot lojaliteit bo gehoorsaamheid aan Christus alleen. Hier is geloofsmoed nodig. Die geloof van die regverdige van Psalm 26 wat sy opregtheid voor die Here hierin bely: "***Ek haat die vergadering van kwaaddoeners en by die goddelose sit ek nie***." (vers 5). Is dit nie die kenmerk van die regverdige teenoor die goddelose in die hele Psalmboek nie? Só hou Psalm 1, wat saam met Psalm 2 'n inleiding op die hele Psalmboek is, ons ook reeds voor. "***Gelukkig is die man wat nie wandel in die raad van die goddelose en nie staan op die weg van die sondaars en nie sit in die kring van die spotters nie***." Die ware geluk is om te leef uit die vrye genade van God alleen. Hy sal wees soos 'n boom wat geplant is by die waterstrome, wat sy vrugte gee op sy tyd… en alles wat hy doen, voer hy voorspoedig uit.

Die geloof en vertroue op God se genade wat in hierdie situasie nodig is, kan ons illustreer met wat gebeur het tydens 'n verhoor van Luther te Augsburg in 1518. Die Dominikaanse kardinaal Cajetanus kom met die dreigende vraag na hom toe: "Waar sal jy beland as die Pous die ban oor jou uitspreek en die Keurvors sy beskerming teenoor jou terugtrek?"

Luther reageer op kenmerkende manier: "*Sub caelo* – onder die blote hemel – onder die blote hemel van God se genade." Dit is dan ook daar waar ons die allerveiligste is.

Terug na die besluit van Hospitaalpark. Hulle besluit vervolgens:

"*Daar is 'n behoefte om saam met alle gemeentes/ lidmate wat verontrus is oor wat in die NG Kerk gebeur, opnuut uitsluitsel te kry oor die volgende sake:*

Die teologiese opleiding van studente, Kategetiese leerstof, Skrifbeskouing en Skrifgesag, Posisie van die belydenisskrifte, Charismatisering van Kerk, Erediensinkleding, Dogmatiese sake soos: die Drie-eenheid; die maagdelike geboorte van Jesus; die opstanding van Jesus; die Skepping; die sondeval; sakramentsbeskouing (kindernagmaal); gebed; onderwys aan verbondskinders in staatskole; die gesag van kerklike kommissies; die Belhar belydenis; die posisie van die N.G.K.A.; die wesenstaak van die kerk.

Die werkswyse wat voorgestel word is dat gemeentes/ kerkrade, wat vanuit 'n Gereformeerde belydenis en oortuiging ons onrustigheid oor dit wat tans in die kerk gebeur, deel, genooi word om 'n afvaardiging na sodanige vergadering te stuur. Hulle word ook versoek om beskrywingspunte vanuit hulle kerkraad te stuur sodat 'n agenda vir die vergadering bepaal kan word.

Kennis van die vergadering word gegee in die Kerknuus op die radio, deur 'n plasing in die Kerkbode en deur kerkrade te kontak waarvan ons bewus is dat hulle ons standpunt deel en dié word versoek om weer wyer kennis te gee van die vergadering.

Die vergadering vind dan plaas onder die toesig van die kerkraad van die NG Gemeente Hospitaalpark. Die vergadering rapporteer dan ook aan die kerkraad van die NG Gemeente Hospitaalpark. Die Kerkraad van die NG Gemeente Hospitaalpark sal dan gemeentes versoek om die besluite wat op die vergadering geneem is, te approprieer.

Daar word dan in 'n verband getree met hierdie gemeentes."

In samewerking met ander verontruste predikante, ouderlinge en lidmate is intussen besluit om 'n konvent van kerke en lidmate in Bloemfontein te belê op 11 – 13 September 2002. Ons sien uit na verdere kennisgewings oor hierdie uiters belangrike vergadering, wat geen kerk wat gereformeerd wil wees, verby kan laat gaan nie. ¤